

# TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

## IN HIERDIE UITGAWE

- In Memorium — Dr. Frits van der Merwe.  
Benodig: 'n Vernuwung — W. A. de Klerk.  
Ben Jonson en die Leser — J. T. Potgieter.  
Die Ur van Beslissing, Blyspel —

Jac. J. Brits.

- Die Kinderspioen, Alphonse Daudet,  
vertaal deur André Brink.  
Die Stiebeckklip — Johannes Posthumus.  
Vesting — M. du Toit.

Klassisisme, Opvoedkunde en  
Taalwetenskap — C. J. Labuscagne.

- Gedigte.  
Boekbesprekings.

JAARGANG 6 NOMMER 3

SEPTEMBER 1956

*Schoones*  
*W. A. de Klerk*  
*J. T. Potgieter*  
*M. du Toit*  
*C. J. Labuscagne*  
*Jac. J. Brits*  
*André Brink*  
*Johannes Posthumus*  
*M. du Toit*

*W. A. de Klerk*  
*J. T. Potgieter*  
*M. du Toit*

# Douvoordag sê ou Witlies 750,000 keer goeie môre!

Ons noem haar Witlies. Sy is gisteraand gemelk en vanmôre het die nodige aantal pinte op die voorstoep gestaan!

Uit die uier in die melkkan . . . in die melkkan na die melkery . . . en dan tot voor u deur. So voorsien ou Witlies daaglik in die behoeftes van 750,000 huisgesinne, versprei oor 472,494 vierkant myl. So lewer die melkboer gereeld sy bydrae tot die welsyn van ons volk. So bewys die Spoorweë dag vir dag dat die taak van laai, vervoer en aflewering in Suid-Afrika op breë skouers rus. En as 'n mens ag slaan op hoeveel tonne en myle dit verg om 'n groeiende volk soos ons s'n te voed, te klee en te huisves, dan besef jy dat ou Witlies se melk maar 'n druppel in 'n baie groot emmer is . . . besef jy presies hoe breed daardie skouers is!



# SAS

Die Pad van Suid-Afrika • Treindiens — Padvervoerdiens — Lugdiens

VZ001091/D1

# TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad van die  
AFRIKAANSE SKRYWERSKRING



Redakteur: C. M. VAN DEN HEEVER



Letterkundige Adviseurs:

D. F. MALHERBE  
H. A. FAGAN  
P. C. SCHOONEES  
W. A. DE KLERK  
M. S. B. KRITZINGER  
B. KOK

Administrasie:

PROFESSOR ABEL COETZEE  
Posbus 1176      Johannesburg

Intekengeld: 20/- posvry



JAARGANG 6

NOMMER 3

## SEPTEMBER — 1956



# Inhoud

	<i>Bladsy</i>
GEDIG, D. F. Malherbe .....	1
IN MEMORIAM: DR. FRITS VAN DER MERWE .....	3
BENODIG: 'N VERNUWING, W. A. de Klerk .....	6
BEN JONSON EN DIE LESER, J. T. Potgieter .....	14
DIE UUR VAN BESLISSING, Blyspel — Jac. J. Brits .....	24
GEDIGTE, Andries Alberts .....	37
DIE KINDERSPIOEN, Alphonse Daudet, vertaal deur André Brink .....	39
GEDIG, R. A. Coetzee .....	45
DIE STIEBEUELKLIP, Johannes Posthumus .....	46
VESTING, M. du Toit .....	51
GEDIGTE, Fernand Florizoone .....	53
GEDIGTE, Vincent van der Westhuizen .....	56
GEDIGTE, J. P. Malan .....	58
KLASSISISME, OPVOEDKUNDE EN TAALWETENSKAP, G. J. Labuscagne .....	62
BOEKBESPREKINGS .....	74

*Foto's:* D. F. Malherbe, 75 jaar  
Frits van der Merwe

## **NUWE WERKE IN DIE PERS**

### **GERMANICUS**

N. P. VAN WYK LOUW

Hierdie werk van Van Wyk Louw, wat reeds oor alle senders van die S.A.U.K. uitgesaai is, sal na verwagting teen die middel van November verskyn.

★

### **VERGELEGEN**

D. J. OPPERMAN

Opperman se nuwe drama sal teen die einde van September gereed wees.

★

### **KOBUS**

G. H. FRANZ

Nog 'n mooi verhaal waarin die lewe van die Bantoe uitgebeeld word. Die boek sal vroeg in Oktober gereed wees.

★

### **NUWE STORIES VAN RIVIERPLAAS**

ALBA BOUWER

Die nuwe bundel Rivierplaas-stories sal net so gewild wees soos Alba Bouwer se eerste bundel. Hierdie werk sal teen die middel van Oktober gereed wees.

★

### **DIE ONVERDEELDE UUR**

ANNA M. LOUW

Dit is een van die mooiste Afrikaanse novelles wat in die jongste tyd in Afrikaans geskryf is. Verskyningsdatum: Middel van Oktober.

★

### **DIE REUS VAN DORINGBERG**

H. J. VERMAAS

Dit is 'n werk wat niks agterstaan by Mary O'Hara se klassieke verhaal oor 'n perd nie. Hier gaan dit om 'n afrikanerbul.

★

### **NASIONALE BOEKHANDEL BEPERK**

Posbus 119 - Parow — Posbus 1058 - Bloemfontein  
Posbus 9898 - Johannesburg — Posbus 95 - Port Elizabeth

# D. F. Malherbe

## VLEIDAMP

*Hoe sag voel die vingers  
van die mis aan die vlei!  
Die dof word van sinne  
in halfsluimer gly:*

*so effens 'n swewe,  
g'n staan nie of staan,  
'n huiwer verlore  
tussen niks en ontstaan.*

*So effe geskei,  
so digteby,  
onheldere vorme  
wat kom en vergly*

*in die aand se dampe,  
van klamte gemaak . . .  
Uit die bome se wortels  
'n wêreld genaak . . .*

*In die vlakte se kriebos  
sterf skemergeruis.  
Waar voel ek die wande  
van die stilte se huis?*

*O, kon ek verneem,  
o, kon ek aanskou  
die genade van God  
wat die wêreld hou,*

*wat die bloeisel se drang  
voltooi in die vrug,  
wat toef om die sterre  
se onmeetbare vlug;*

*wat die juigende vlerk  
van die valk omvou  
en my asem se voetstap  
in ewewig hou;*

*wat oorkant die sinne  
se flou bestaan,  
wat agter die sluier  
my met stomheid sou slaan!*

*So effe die sluier:  
gebeime bly groot,  
tot die uur ons verbef  
uit die Tjd se skoot.*

*Want verskietende ster  
se oomblik is roem,  
vir mense wat kom  
net 'n naam om te noem.*

*Nog voel die vingers  
van die mis aan die vlei,  
en ek voel, 'n Wese  
gaan stil verby.*



# Dr. Frederick Philippus Van der Merwe (1917--1956)

S. P. E. BOSHOFF

Ek het Maandagaand met 'n skok en innige leedwese van die plotselinge heengaan in Pretoria van dr. F. P. van der Merwe verneem. Vir ons was hy altyd net Fritz. Waar ek hier 'n eresaluut aan sy nagedagtenis bring, wil ek my in hoofsaak by my persoonlike herinneringe in verband met sy laaste lewensjare bepaal, omdat die lewensfeite van sy kinder- en jeugjare my minder goed bekend is. As lid van die S.A. Akademie se Taaladvieskomitee het ek hom gedurende die afgelope 5½ jaar leer ken en in hierdie kort tydperk ook sy besondere kwaliteite leer ken en waardeer. Van 'n bode het hy opgeklim tot doktor in die lettere en wysbegeerte en tot die verantwoordelike betrekking van taaladviseur vir die S.A. Uitsaaikorporasie. 'n Mens klim nie sommer vanself van sport tot sport op die leer van bevordering nie, selfs nie in Suid-Afrika met sy groot tekort aan werkkragte nie. Daarvoor was in sy geval aanleg, speursin, toewyding, werklus en werkkrag nodig. Hierdie eienskappe het hy ryklik besit: hy was 'n genie volgens Carlyle se definisie van 'n genie as iemand met onbeperkte werkkrag.

Fritz was 'n outodidak in die sin dat hy sy hele opleiding hoofsaaklik deur selfstudie verkry het. So het hy gematrikuleer, die Baccalaureusgraad behaal en uiteindelik die doktorsgraad verwerf met 'n proefskrif oor *Vertaling as Kuns*. Die publikasie van hierdie werk deur die een of ander liggaam sou 'n verdiende huldeblyk en 'n mooi daad van waardering vir sy nagedagtenis wees, en ek wil dit graag ten sterkste aanbeveel. Sy akademiese studies was maar 'n onderdeel van sy veelsydige en veelvuldige werksaamhede. 'n Deeglike kennis van Afrikaans, Nederlands en Engels is by die gemiddelde ontwikkelde Afrikaner byna 'n vanselfsprekendheid, of behoort dit te wees. Maar behalwe hierdie kennis het Fritz nog veel meer as 'n blote leeskennis van Duits, Frans en Italiaans gehad en hom selfs vir die bestudering van Spaans en Russies geïnteresseer. Hy was in staat om ook uit Spaans te vertaal. Sy kennis van Italiaans en sy bemoeiinge om kultuurgoedere tussen ons

land en Italië uit te ruil, het meegebring dat die Italiaanse Regering hom in 1953 'n studiebeurs toegeken het vir verdere studie in Italië. Hiervan het hy vrugbare gebruik gemaak. Sy vaderland het ook sy verdienstes erken deur hom assessorlid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns te maak. As ons hierdie prestasies vergelyk met dié van universiteitstudente wat die volle geleentheid van 'n akademiese opleiding geniet het, dan getuig dit van sy buitengewone aanleg en sy groot deurstellingsvermoë.

Hy het die tekortkomings van 'n outodidak geopenbaar, maar ruimskoots daarvoor vergoed deur die eienskappe wat ons dikwels by 'n outodidak vind. Hy was m.a.w. nie 'n blote naprater nie, maar iemand met 'n selfstandige oordeel en daarby 'n lewenslange student. Sy verklaring aan 'n Engelse blad na sy promosie: „Ek gaan studeer so lank as ek lewe,” karakteriseer sy hele lewenshouding, en hy het dit dan ook tot op die einde letterlik uitgelewe. Sulke outodidakte is soms koppig, en dit was hy meermale ook, maar dit was 'n waardeerbare koppigheid wat 'n mens dikwels moeilik van beginselvastheid kan onderskei en derhalwe moet respekteer. Sy moedertaal het hy skriftelik as joernalis, eers by 'n tweetalige Pretoriase blad en later as verslaggewer by die redaksie van *Die Transvaler*, leer hanteer. Verder het hy hom deeglik sowel in die taal- as in die letterkunde van verskeie volke ingewerk en romans, kortverhale, talryke liedere, operas en operettes uit Frans, Italiaans, Duits en Engels vertaal. Vir hom het dit inlewing in die letterkundige werke van die groot meesters — Dante, Boccaccio, Petrarca, Leopardi, Schopenhauer — beteken, maar verder ook die vorming van eie estetiese insig, bestudering van die taalaard van die betrokke tale, ten slotte en veral oefening in die hantering van sy eie moedertaal. Ek noem in hierdie verband slegs sy vertaling van Flaubert se bekende Franse roman wat hy as *Mevrou Bovary* vertaal het. Daarby noem ek nog 'n eie, oorspronklike roman, *Anderkant die Einders*. Hierdie vertaalwerk en die skrywe van eie gedigte, nouvelles, verhale en kritiese artikels verteenwoordig sy letterkundige en gedeeltelik ook sy taalkundige werksaamhede. Op taalgebied het hy hom meer bepaald vir Afrikaans net so verdienstelik gemaak. Ek herinner in hierdie verband aan sy tientalige *Ontwerplys Musiekterme*, 'n ongepubliseerde stuk werk van meer as 250 bladsye folioformaat, waarin hy duisende musiekterme uit 'n tiental tale byeengebring, in fonetiese skrif getranskribeer, van definisies voorsien en in Afrikaans vertaal

het. Musiekspeel was vir hom 'n liefhebbery en vir sy dogtertjies het hy ten laaste nog die nodige gedoen om hulle in staat te stel om musiek te leer en dit te leer liefkry. Gedurende die afgelope maande was hy besig om al die plekname in die lys *Amptelike Plekname in die Unie en Suidwes-Afrika* in fonetiese skrif oor te bring om as leiding te dien vir die regte uitspraak van sulke name vir al diegene wat nuusberigte moet uitsaai. So 'n lys van die name van bekende komponiste, kunstenaars, wetenskaplikes en staatsmanne het hy reeds tevore opgestel. Aan die Taaladvieskomitee van die Akademie het hy maandeliks lyste voorgelê vir bespreking en advies oor slordige en foutiewe taalgebruik, uitspraak, vertaling, Anglisismes, en so meer. Hierdie materiaal het hy op kaarte aangebring vir raadpleging deur almal wat belang daarby in die uitsaaidiens het, terwyl hy hierdie gegewens verder tot verslae en aanbevelings verwerk het wat aan die uitsaai-personeel omgestuur is. Hy was lid van verskeie vaktaalkomitees en het reeds vir die Honneursgraad 'n verhandeling oor vakterminologie gelewer. Daar was letterlik geen einde aan die veelheid en die omvattendheid van die taalwerkzaamhede wat hy homself opgelê het of wat deur ander op hom gelaai is nie.

In 'n land met so min werkkragte, veral op hierdie gebied, is sy heengaan in die fleur van sy lewe 'n groot verlies vir die Uitsaai-korporasie, 'n verlies ook vir die beoefening van ons taal en die bevordering van ons kultuurbelange. Tog het al sy veelvuldige werksaamhede nooit van hom 'n blote boekwurm en masjienmens gemaak nie: hy het in die eerste plek nog mens gebly, volbloedige en warmhartige mens, ons vriend Fritz; en sy heengaan is vir my nie alleen 'n persoonlike verlies nie, maar 'n nasionale verlies. En nou kom ek ten slotte tot diegene wat die intiemste regstreeks by sy heengaan betrokke is — sy gesinslede. Ek kom tot hulle met leë hande en 'n paar skamele woorde, maar in hierdie woorde wil ek my suiwer en opregte meegevoel lê, wil ek alles sê waartoe ek onder die omstandighede in staat is. Mag sy nuttige en toegewyde lewe, sy buitengewone verdienstes en alles wat hy verrig het, vir hulle soos vir my 'n aangename herinnering wees en bly en ons versterk in die oortuiging dat werk wat goed gedoen is, nooit vergaan nie, al bly dit in die onafbroke voortbestaan van die mens net voortlewe as 'n inspirasie vir hulle wat daardie arbeid later moet opneem en voortsit.

# Benodig: 'n Vernuuwing

W. A. DE KLERK

'n Rukkie gelede het die Afrikaanse toneelspeler, André Huguenet, in 'n onderhoud met 'n Afrikaanse dagblad verklaar: „... Alle aktiewe, gevestigde amateurgroepe het feitlik verdwyn en die Afrikaanse toneel bestaan nie meer nie.” In 'n artikel is daarop gewys dat in die Moederstad gedurende die eerste ses maande van vanjaar nog nie 'n enkele Afrikaanse opvoering plaasgevind het nie — dit ten aanskoue van 27 Engelse opvoerings, baie waarvan van werklik hoogstaande gehalte was; ten aanskoue verder van 'n Kunsfees deur die Kleurlinggroep Eoan, wat vanjaar o.a. verantwoordelik was vir 'n skitterende aanbieding van *Traviata*, 'n besonder geslaagde uitvoering van Mendelssohn se *Eliä*, asook 'n balletprogram, wat ses balletdanse ingesluit het, en meer as 100 maal voor die publiek van Kaapstad en elders aangebied is.

Helaas, dit is tans 'n bedroewende feit dat die blad waarna verwys is, se spesiale rubriek, onlangs ingestel om kultuur-aangeleenthede voor die publiek te hou, vandag vir seker 90% te doen moet hê met geestesaktiwiteite wat nie spesifiek eie aan die Afrikaner is nie. Dit skyn wel asof die toestand in ander groot sentra van ons land nie veel beter is nie. Wie se skuld is dit? Seker nie die skuld van die betrokke dagblad of blaaië nie. Hulle reflekteer tog immers maar net die toestand soos hulle dit vind.

Op sy jaarvergadering, Julie 1953, gehou te Stellenbosch, het die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, geluister na 'n treffende voorsittersrede van dr. T. E. W. Schumann, wat in sy slotwoorde vertel het van Satan wat herhaaldelik voor die Here verskyn het met die versoek dat die „klein volkie in Suid-Afrika” maar net op die proef gestel moet word — dan sal hulle afdwaal en nie op hulle weg volhard nie. Dit is gedoen, maar die volk het nie afdgedwaal nie. Oorlog, armoede, ellende, droogte — ondanks alles het hulle getrou gebly. Maar Satan het 'n laaste maal gekom en nog één vergunning gesmeek.

... „En die Here antwoord: „Ook hierdie keer sal dit aan jou toegestaan word. Wat is jou versoek?”

... „En Satan sê: „Laat dan toe dat die volk met

voorspoed getref word; en laat hom met welvaart geteister word — waarlik hy sal hierdie vuurproef nie deurstaan en op sy weg volhard nie.”

Kan dit wees dat hierdie waarskuwing wat reeds drie jaar gelede voor die versamelde geesteskragte van ons volk geuter is maar net beskou moet word as 'n oulike redetjie, sonder veel betrekking op die werklikheid? Kan dit wees dat dit op geen manier verder gereik het as daardie min of meer geslote vergadering nie? Of moet ons aanneem dat nie die woord nie maar die leegte, die skielike besef van armoede en agteruitgang alleen tot die werklikheid kan terugvoer? Kan dit wees dat ons almal die afgelope tiental jare so begoël is deur ons materiële en politieke voorspoed dat dit gestadige verlies aan swaar-gewonne terrein ons glad nie eens meer opgeval het nie?

Want dit is in baie opsigte die wese van die situasie: die Afrikaanse taal, wat altoos nog gans die volk is, is in hierdie jaar 1956 inderdaad swakker daaraan toe as wat hy in die jaar 1946 was. En tensy 'n nuwe bewustheid van ons taak ontgloei, tensy daar 'n nuwe verset kom, skyn dit wel asof ons nog nie die einde van die aftakelings-proses gesien het nie.

Skrywer is deeglik bewus daarvan dat hy van oordrywing en alarmisme verdink kan word. Maar selfs die koelste betragting en die mees objektiewe beskouing dwing hom telkens tot die gevolgtrekking dat ons besig is om op 'n ontstellende manier vendusie te hou met ons Afrikaanse geestesgoed. Die agteruitgang van die eens so lewenskrachtige Afrikaanse amateurtoneel is reeds as voorbeeld genoem. Die metamorfose wat die Afrikaanse tydskrifwese die afgelope jaartien ondergaan het, kan ook as sodanig dien. Die weg wat ons radiowese ingeslaan het, die mate waarin hierdie instelling opgeneem is in en omvorm is deur die nywerheidsomwenteling, wat hier te lande nog lank nie afgeloop is nie, vorm miskien by uitstek die gebied waarin die Afrikaanse gedagte verflou het.

Want laat ons dit maar eerlik onder die oë sien: die Afrikaanse Radio, wat soos die Afrikaanse Toneel, eenmaal so 'n lewensbelangrike rol in ons volk se geesteslewe gespeel het, moes die afgelope sewe jaar op 'n ontstellende wyse invloed en trefkrag inboet, onder die aanslag van 'n grootliks Engelstalige handelsdiens. Ons wat nie van die

heel jongste geslag meer is nie, het groot geword met 'n kennis van en 'n waardering vir 'n Afrikaanse diens, wat nie slegs midde in die volkslewe gestaan het nie, maar in staat was om die meerderheid van luisteraars in Suid-Afrika te trek. Vandag belewe ons egter en word ons kinders groot met 'n radiowese waarin die Afrikaanse gedagte alhoemeer op die agtergrond verdwyn, nie omrede 'n daling in die gehalte van die Afrikaanse program nie, eerder omrede die opkoms en oorheersing van die huidige Springbokdiens.

Voorwaar is dit ironies dat in 'n tyd toe die Afrikaner politiek en ekonomies gesproke seker sterker gestaan het as tevore in sy geskiedenis, die posisie van sy taal so onteenseglik moes verswak het in een van die land se grootste staatsbeheerde korporasies. Dat so 'n korporasie in eerste instansie te doen het met geestesgoed, maak dit seker dubbel betreurenswaardig.

Hoe het dit dan gekom? Hoe is dit moontlik dat hierdie toestand so oogluikend ontwikkel het? Die antwoord is eenvoudig. Die Afrikaner, ondanks die groot vorderig wat hy op ekonomiese gebied getoon het, beheer volgens skatting nog maar sowat 10% van die land se sakeondernemings en nywerhede. 'n Handelsdiens grootliks ingestel na die wense van die adverteerders, en waar daardie adverteerders vir 90% nie-Afrikaans is, moes dus uit die aard van die saak tot 'n verswakking van Afrikaans in die radiowese gevoer het.

Die kliënt is in die handel altyd reg. En daar is volop blyke dat dit borge van ons handelsradiodiens dit ook besef. Die Vereniging van Adverteerders het ook indertyd, soos by monde van hulle Uniale Voorsitter, mnr. G. L. Hindley, besliste eise gestel om méér seggenskap vir die adverteerders. Hulle betreur op geen onsekere wyse die „monopolistiese houding van die S.A.U.K.” (sic!) en eis dat as die *kommersiële beeldradio* die dag hier is, hulle dan meer seggingskap daarin wil hê as wat hulle tans in Springbokradio het. In die verbygaan kan daar slegs gemeld word dat as daardie kwaai dag moet aanbreek, die Afrikaanse taal wat reeds in die oorgroot meerderheid van Suid-Afrikaanse uitsendings in die duisternis uitgeja is, dan seker finaal aan 'n onsekere toekoms uitgelewer sal word. Weer moet daar gesê word dat dit byna ongelooflik

maar tog waar is dat alles plaasgevind het onder die bewind van Afrikaners!

Daar is voldoende getuienis dat die Radio-owerheid die oorheersing van gevestigde materiële belange erken, veral wanneer hy verklaar dat dit nie moontlik is om meer Afrikaans in die handelsdiens te hoor nie, aangesien dit die borg moet vrystaan om sy eie medium te kies. Natuurlik kies die groot sake-ondernemings met slegs enkele uitsonderings dan Engels. Hulle kies Engels omdat dit in eerste instansie hulle eie taal is, tweedens omdat die Engelse programme heel maklik en teen betreklike geringe koste pakkiesgewyse of blikkiesgewyse van die V.S.A., Australië, of Engeland ingevoer kan word. Waarom sal 'n groot Engelsgeörienteerde sakeonderneming dan belangstel in die groei en beskerming van 'n jong en vreemde taal en kultuur? Vanselfsprekend stel hy eintlik net in één ding belang: die verkoop van sy ware. En as sy ware dan in Suid-Afrika ewegoed deur gebruikmaking van die Engelse uitsaaiwoord van die hand gesit kan word, bestaan daar enige rede waarom hy die moeite sal doen om eie, inheemse Afrikaanse luisterstof aan te bied? Die gevolg is kortlik nou as volg: die huidige handelsdiens se paar Afrikaanse programme vorm 'n patetiese minderheid van wat uitgesaai word. Vir die Afrikaanse luisteraar bestaan daar in sy eie taal dus prakties één program waarna hy kan luister — 'n program wat steeds moet veg om die behoud van 'n steeds dalende luisterkring, téén die verdwyning van Afrikaanse luisteraars, veral onder die opkomende geslag, asook teen die neiging in eie geledere om ook maar die soort stof aan te bied wat so flink en so maklik in Engels oor die handelsender aangebied word; die Afrikaanse diens moet darem behou wat hy nog het. Siedaar hoe Gresham se wet ook op geestelike terrein sy toepassing vind.

Terwyl daar dan vir die Afrikaanse luisteraar in sy eie taal net één program bestaan waarna hy kan luister, het die Engelse luisteraar vandag die keuse van drie programme — t.w. die gewone Engelse diens, die Springbokhandelsdiens, en die handelsdiens uit Lourenco Marques, wat ook maar 'n Suid-Afrikaanse diens is, aangesien dit deur Suid-Afrikaanse belange in stand gehou, aangebied en hoofsaaklik na die Unie gerig word. Waar

die feit onomstootlik dus staan dat ons prakties één Afrikaanse diens het teen drie Engelstalige dienste, waar genoemde Engelse dienste so maklik en kwistig gebruik kan maak van wêreldwyse transkripsieprogramme — programme saamgestel deur mense oud in die kuns om ten volste ‚human appeal‘ uit te buit — is dit dus te begryp dat die stryd van die Afrikaanse diens om sy waardigheid en invloed te bewaar hartbreekend moeilik is.

En hoe kan hy dit dan op enige noemenswaardige wyse bewaar wanneer dit ’n treurige feit is — vra maar aan die ouers van Paarl, Kaapstad, Johannesburg, Stellenbosch, Putsonderwater en Riviersonderend — dat ons jong mense in toenemende getalle swig voor die subtile aantrekking van die handelsdiens, met sy uitheemse geestelike spysse. Die ouer geslag van more en die jongste geslag van vandag word dus in aansienlike mate groot met iets wat die volslae verloëning van die eie meebring. Dit is nie soseer die feit dat hulle luisterstof Engelstalig is nie. Dit is eerder die feit dat dit uitheems is, dat dit grootliks én in sy vreemdheid, en in sy valse waardes en vlak emosies, die lewensbelangrikheid van die eie ontken.

Met hierdie feite in gedagte staan dit nog as verre-gaande vreemd dat daar tydens die bespreking van die pos gedurende die jongste Volksraadsitting nie een enkele lid was wat gewys het op hierdie wantoestand nie! Een lid het wel oor die handelsdiens gepraat — maar vertel dat dit ’n „geweldige sukses” is. Uit welke oogpunt? . . . Beslis nie uit dié van die Afrikaner wat nog ’n prys stel op sy eie geestesgoed nie. Ander lede het onbenullig gekla oor die uitspraak van *Kairo*, van *Minister*, en nog meer. Nog ander het verontwaardig geëis dat die Intervarsity-uitsending nie weer deur die sesuurnuus onderbreek moet word nie. Een was baie begaan oor die indiskresie van ’n Engelse omroeper wat die dames van die *Black Sash* in sy plateprogram gelukkigwens het. Iemand het iets te sê gehad oor die rol van SAPA. Maar die lid wat moes opstaan en in alle erns vra: „Hoe is dit dan moontlik dat die Afrikaanse taal, wat reeds soveel terreine verower het, hier in ons uitsaaidiens so agteruitgegaan het?” — dié makeer nog. Dit is moeilik om te glo, maar helaas, dit is waar.

Terwyl sulke vrae dan nie gestel is nie, kan ons wel ons self maar nou die vraag gaan stel: watter verwagtings kan



daar gekoester word van jong Afrikaners wat grootword teen die agtergrond van Superman, Wonderman verder die hele rits ,tear jerkers' en ,soap operas' — sy dit nou *Second Fiddle, The doctor's Husband, of Lonely Marriage*, soos dit heet: *the story of a girl who wanted to be loved, and a man who did not dare* — Nadat hulle dié soort ding daaglik vir 'n aantal jare ingeneem het, kan daar hoop bestaan dat hulle enige gevoel sal hê vir wat in hulle eie samelewing, hulle eie volkslewe plaasvind? Die vraag kan verder ook gestel word of daar enige soewereine volk is, enige volwasse volk wat dit sal duld dat so iets aan sy jeug gedoen word. Skrywer weier om te glo dat ons nie 'n sowereine en geestelik volwasse volk is nie —

daarvoor het ons seker reeds te veel deurgemaak. Daarom is dit beter as ons maar glo dat hierdie fantastiese toestand geduld word, slegs omdat ons die afgelope jare so blind geslaan is deur ons politieke en materiële welvaart.

Vir die gewin van 'n paar honderduisend pond jaarliks, het ons dus toegelaat dat 'n groot kultuurmedium verswak word, dat ons taal en in die algemeen ons eiegoed verdring word ten gunste van die oppervlakkig uitheemse. Mens het dit veral baie goed gemerk toe die Paarl 'n jaar of wat gelede sy Nasionale Wingerdfees gehou het. Byna driekwart van die uitsendings wat van die fees uitgesaai is, was dié van die Springbokdiens. Maar wie se skuld is dit nou eintlik?

Ons het hier taamlik uitgewei oor die radiowese as één gebied van geestesaktiwiteit waar die Afrikaner vandag swakker staan as wat hy tien jaar gelede gestaan het. Ons het dit gedoen omdat dit miskien die skreiendste geval is van ontkenning van eiewaarde, van die onverskilligheid wat ons die afgelope jare so stilletjies betrek het. Die leser mag wel vra of wat reeds gesê is dan maar gaan bly by blote negatiewe kritiek. Die antwoord is natuurlik ontkenkend. Daar is wel weë en middele om die toestand te verbeter. Ons glo bv. dat 'n streng beleid van gelyke beregtiging in die Springbokdiens reeds veel sal doen om die inheemse en eie tot sy reg te laat kom. Die Afrikaanse deel van die diens sal dan minstens deur ons eie mense in ons eie taal aangebied moet word. Die tekste, sy hulle dan ook maar grootliks snert, sal minstens deur ons eie mense geskryf word; en die stukke sal minstens afspeel in die Laeveld of in Linden

— nie in Mayfair en Manhattan, of Park Avenue of Park Lane nie. 'n Eie Afrikaanse handelsdiens lyk egter na 'n groter onding — eenvoudig omdat so 'n aparte handelsdiens nooit as voltydse diens sal kan kompeteer teen die versamelde transkripsiedienste en ingevoerde kragte van die Engelstalige wêreld nie. Die beste oplossing van alles skyn wel te wees dat die owerheid die handelsdiens summier afskaf, dat die S.A.U.K. sy inkomste uit verhoogde lisensiegelde aanvul, of van staatsweë gesubsidieer word. Dan kan daar 'n ligte diens wees — tweekantig. En die Afrikaanse diens en die Engelse diens kan dan voltyds hulle aandag wy aan luisterstof wat, hoewel nie *highbrow* nie, tog 'n hoër algemene peil kan handhaaf as wat tans moontlik is.

Maar die doel van hierdie skrywe is nie in eerste instansie 'n ondersoek na ons radiowese nie. Dit gaan wesenlik oor die verslapping wat daar in die algemeen gedurende die afgelope jare onder ons mense ingetree het betreffende die bewaring en uitbouing van hulle eie geestesgoed. En soos die Koninkryk van die Hemele eers gesoek word voordat al die ander dinge jou toegewerp word, gaan dit by ons as 'n volk in die eerste plek om die behoud van die eie, 'n nuwe gevoelvolle waardering daarvoor. Die prys van vryheid bly immer ewigdurende waaksaamheid. En waar ons die afgelope jare toegelaat het dat daardie waaksaamheid verslap, is die tyd seker nou ryp, baie ryp vir 'n nuwe bewustheid van eiewaarde. Was die ware aard van die vroeë taalbewegings nie inderdaad juis 'n herstel van die eiewaarde, 'n nuwe ontdekking en bekendmaking van eie geestesgoed nie? As dit dan so is, dan is dit seker nie onvaspas dat hier gepraat word van die behoefte aan 'n Derde Taalbeweging nie. Die verskil sal wees dat die nuwe stryd veel meer eise gaan stel — juis omdat dit soveel subtieler van aard is as dié wat reeds in die geskiedenis opgeteken staan.

Dit is inderdaad merkwaardig hoe die geringskating van die eie telkens voorkom in die kultuurgeskiedenis ook van groot volkere. Het die Duitsers, ja ook die Britte, nie ook 'n tyd geken toe die gevaar geloop het om verdring te word deur vreemde geestesgoed nie? Die geskiedenis lewer baie voorbeelde van verzet teen die oorheersing van 'n vreemde kultuur. Vir ons hier in

Suid-Afrika is dit natuurlik ook geen nuwe verskynsel nie. Die probleem word egter oneindig gekompliseer juis deur elke nuwe tegniese ontwikkeling — pers, radio, en binnekort waarskynlik ook televisie. Stel dit dan verder naas die feit dat ons twee Wes-Europese kulture in een land het — die een oud en tradisieryk en magtig, die ander 'n kragtige maar nog jong loot uit 'n ou stam. Dit spreek vanself dat die handhawing en herontdekking van die eie vir die Afrikaner 'n veel groter taak word as wat dit indertyd vir die Duitser of die Brit was.

Kans vir selfbedrog bestaan daar natuurlik baie. Dit het reeds ons materiële welvaart en ons politieke krag in ruime mate meegebring. Ons maak ons te maklik wys die Kaap is Hollands — terwyl dit eerder Brits en Amerikaans is. Maar ons kan ons ook maklik troos aan die verskyning af en toe van 'n mooi literêre werk — 'n drama, of bundel poësie of essays, of 'n roman. Ons vergeet egter dat geen letterkunde in die lug kan bly hang nie, dat tensy daar gedurig 'n voeding van onder is selfs dié wat aan die spits staan hulle in toenemende mate as 'n afgesonderde en eintlik betekenislose minderheidjie moet begin aanvoel.

Die plig om ewigdurend waaksaam te wees wat betref die bewaring en uitbouing van ons eigoed word des te dringender ten aansien van miljoene halfbeskaafde naturelle. As ons geen werklike waarde meer heg aan dié dinge wat waarde het nie, kan ons dan in enige mate aanspraak maak op die geestelike leierskap in ons land?

Ons grootste behoefte as 'n volk skyn tans daardie 'heilige onrus' te wees, daardie hardnekkige verzet wat nog altyd die beginpunt van nuwe groei en nuwe krag was. Laat ons begin met die Afrikaanse taal — die taal wat ons so duur gekoop het en wat ons vandag so maklik en so goedkoop wil afgee. Laat ons begin met die taal — want die taal was altyd en sal altyd die volledige draer van die volk se geesteslewe wees.

Skrywer glo dat ons tans 'n dringende behoefte aan 'n nuwe verzet het, aan 'n nuwe terugkeer na ons Afrikaansheid.

het, is ons hier nie geïnteresseerd in die *klassieke* nie, maar in die *klassisisme* (die ongeoorloofde aspek van die saak).

Uit die voorgaande bespreking, kom ons dan by die twee hoofde waaronder ek die klassisisme wil bespreek, t.w. (a) die klassisisme wat gebaseer is op 'n *regstreekse* kennis van Latyn, en (b) die klassisisme wat gebaseer is op 'n *onregstreekse* kennis van Latyn. Daarbenewens sal ons die klassisisme sien teen die agtergrond van 'n lewende taal en van taal as sodanig. Met lewende taal sal ons hier bedoel die besondere taal van (a) 'n nog lewende taalgemeenskap soos hulle dit kommunikatief gebruik, of (b) 'n nié meer lewende taalgemeenskap soos hulle dit kommunikatief gebruik het. Met ander woorde, die klem sal dus nie val op die historiese verloop van taalverskynsels nie, want die beswaar is nie dat ons nie die geskiedenis van ons taal kan ken nie, maar wel dat ons die huidige Afrikaans maar nie onder die knie kan kry nie.

(Word vervolg)

## B. le Roux

OP OUJAARSAAND

Beaufort-Wes

*Beaufort-Wes se pronkerige klonkie,  
jy's vanaand kopspelerig  
met jou splinternuwe trompie.  
Dis rondomtalie, dwarrelswaai;  
met jou koddige kaperjolle  
wil jy die oujaar nek omdraai.*

*Sie, kyk vir daardie gomtor-passie!  
Die aitserige rokkie lag,  
met haar potsierlike kalbassie.  
Vanaand skoffel jy en sy liggies  
tussen Hope en Kuilspoort  
se effens wipperige poppies.*

*Geswael gaan jy en sy mos lekker jol:  
jive, rhumba en die square.  
Sal niemand met jou bokkie lol?  
Kom, kom skuil daar geen verdriet  
onder daardie kakiehemp?  
Dan's alle bog verniet.*

*Jy sal môre as die hane kraai,  
jou trompie en jou poppie mis;  
die blouoog van die Oujaar maai.*

# S. J. du Toit

## KLEIN KINDJIE

*Klein kindjie, in jou jare toegevou,  
soos blare in 'n blomknop wat ontsluit  
en kleur tot woordjies uit jou mondjie uit,  
klein spieder op wat eens die dag sal hou,*

*'n Brand, 'n braambos waar geen vonk verflou,  
'n vuur wat deur die lewenstakke fluit,  
'n drang met al die eeue as jou buit,  
klein kindjie, voor die toekomstpoorte nou,*

*Hoe wyd sal sprei die paaie van die pad  
en hard, die stene wat die aarde klee,  
die weg wat jou klein voetjies nog moet tree,  
jy, kindjie, wat vandag die rooidag vat —*

*totdat die dae doodloop en jou nag  
die dag word van nog weer 'n voorgeslag?*

## DIE PAN

*As al my drome en die heugenis  
van duisend klein gebeure eens verstil  
sal wees, en al die strewe wat ek wil  
soos ongedaan, soos nooit gebore is,*

*As naam en faam reeds ieder aansien mis,  
'n snaar is waar geen lied of klank uit tril,  
tot nooit gebeurde stom gebeurtenis verkil,  
en soos wat nooit eens was vir immer is,*

*dan sal nog kraanvoëls oor jou breedtes dans,  
en skadu's jaag tot waar jou renbaan end,  
Koel reëns duister en wit sterre glans,  
en sal jou beeld, wat uur nog eeu kan skend,  
deur al die tye heen nog wees soos tans:  
my immer weer ontdekte monument.*

## ONS BOU 'N BRUG

*Die dae kuier deur die lange jaar,  
betas die wande van die Ewigheid,  
wat, soos 'n skuur oor die heelal verbreed,  
van al wat was en is nooit iets vergaar,*

On forfeit of your selues think nothing true:  
Lest so you make the maker to iudge you;  
en aan die begin van *The Alchemist*:

They are so naturall follies, but so showne,  
As euen the doers may see, and yet not owne.

Die leser word dus uitdruklik gewaarsku dat hy nie 'n neutrale houding kan inneem nie. Knights sê die volgende in verband met een van Epicure Mammon se toesprake in *The Alchemist*: „The astonishing comparisions (,dull Aretine'), the violent alignment of characters which convention assumes are natural opposites (flatterers: divines; fools: eloquent burgesses), generate an intensely critical activity in the reader, make him aware that he is called on to judge a mode of experience as well as to enjoy the representation”.<sup>5</sup> Maar die leser word nie slegs gedwing om te dink en te oordeel nie; hy moet noodgedwonge sy eie waardes en die konvensie van sy tyd en kultuur aan 'n ontleding onderwerp wat moreel sowel as krities is.

Aan die begin van *Sejanus — his fall* sê Silius (met verwysing na die satelliete van Sejanus):

Laugh, when their patron laughs; sweat, when he sweates;

Be hot, and cold with him; change euery moode,  
Habit, and garbe, as often as he varies.<sup>6</sup>

Die vulgêr-fisiese aksentuering van 'n uiterlike beskaaftheid wat die regte soort kruiperigheid op die regte tyd veronderstel, vorm die basis van die dramaturg se kritiek en bepaal ons houding teenoor die slinksheid van Sejanus en sy volgelinge; en dit sluit op natuurlike wyse aan by die skrikwekkendheid van die tiende toneel in die vyfde bedryf waar Jonson die dierlikheid van die gespuis bloot lê op 'n wyse wat die indruk skep van 'n meedoënlose eerlikheid. Ons merk egter dat die digter se kritiek telkens van toepassing is, nie slegs op 'n twintigste eeuse gemeenskap nie, maar op die individu, die leser self.

In *Epicæne*, waar die satire oor die algemeen van 'n ligter aard is, word die leser nietemin dikwels ongenadiglik gekasty onder voorwendsel van 'n kritiek op die gemeenskap: „Why,” sê Truewit, „all their actions are governed by crude opinion, without reason or cause; they know not why they do any thing: but as they are inform'd, beleuee, iudge, praise, condemne, loue, hate, and in æmulation one of another, doe all these things alike. Onely, they have a naturall inclination swayes 'hem generally to the worst,

<sup>5</sup> L. C. Knights, *ibid.*, bladsy 208.

<sup>6</sup> *Sejanus*, I, i, 33-35.



D. F. MALHERBE — 75 JAAR

Foto: Danie Brink





when they are left to themselves".<sup>7</sup> Ons merk onmiddellik dat Jonson se kuns nie beperk word deur òf tydsverskil òf veranderinge in die sosiale en politieke struktuur nie. Die leser word op ondubbelsinnige wyse herinner aan die feit dat ons leef in die eeu van die goedkoop roman van sensasie en ‚liefde,‘ van die populêre tydskrif met sy uitbuiting van die retrogressiewe drange van die leserspubliek, van die advertensie en die film wat die seksdrange en die grootheidswaan van die gemeenskap doelbewus stimuleer; en hy onthou dat die masjieneeu ook die eeu van die ‚stock response‘ en die tabletkoerant is. Hy slaag waarskynlik daarin om hom nie direk met die gemeenskap te assosieer nie en om die feite objektief te beskou, totdat hy kom by: „Onely, they haue a naturall inclination swayes ‚hem generally to the worst, when they are left to themselues‘ — en dan besef hy (waarskynlik met ’n effense skok), dat sy poging om hom uit te sluit slegs ’n verdere bewys van geestelike onvolwassenheid is.

In *Bartholmew Fayre* is die atmosfeer veel ernstiger, byna profeties. Die struktuur van die Westerse beskawing word meedoënloos uitmekaargehaal: die regstelsel, die handel, religieuse opvattinge, en die geldigheid van waardes wat geassosieer word met sommige van die belangrikste instellings van die gemeenskap — alles word blootgelê aan die ontleedmes. Dat daar ’n persoonlike oorsaak vir hierdie gevoel van onsekerheid is, is klaarblyklik; mnr. Graham Storey vertel ons dat „Jonson is more disturbing, but differently. Often he seems on the edge of nihilism, the logical end of this dramatic rapacity, this determination to explore and expose everything. Whatever he touches he turns upside-down, shifts every proffered order about under our feet, glories in incongruity and precariousness . . . there is nothing over, of a different order, and, somewhere, safe”.<sup>8</sup> Hierdie bewering kan toegelig word deur ’n ontleding van enigeen van Jonson se belangrikste damas.

Overdo, die regter in *Bartholmew Fayre*, ondergaan die straf wat hy gewoon is om die beskuldigde op te lê. Die ironie is indringend en direk, des te meer omdat die regter uit sy eie mond verdoem word: „They may haue seene many a foole in the habite of a Iustice; but neuer till now, a Iustice in the habit of a foole” (II, i, 7-9). *Bartholmew Fayre* is ’n mikrokosmiese verteenwoordiging van die wêreld (’n bekende tegniek gedurende die sewentiende eeu);

<sup>7</sup> *Epicæne, or The Silent Woman*, IV, vi, 64-70.

<sup>8</sup> Graham Storey: „Philip Massinger as Comic Dramatist”, *University Review*, Winter, 1954-55, boekdeel I, no. 3.

die invloed van die ou moraliteitsdrama is merkbaar, maar Jonson se ‚blyspel’ besit ’n simboliese geldigheid, ’n intensiteit wat vreemd is aan die didaktiese kuns van die middel-eeue. Trouble-All se telkens herhaalde vraag: „By whose warrant, Sir, haue you done all this?” vorm die kern van die ondervraging waaraan die grondkonsepte van ons beskawing en kultuur onderwerp word. Die leser word des te sterker bewus van die onbetroubaarheid van sy eie positiewe waardes as hy merk dat die soeklig gewerp word op die verskillende vorms van huigelary wat hom in staat stel om enigiets te regverdig: „Surely, it may be otherwise, but it is subiect, to construction, subiect, and hath a face of offence, with the weake, a great face, a foule face, but that face may haue a vaile put ouer it, and be shaddowed, as it were . . .” (I, vi, 67-70). Dis geen oordrywing om te sê nie dat Jonson sy ervaring van die bese hier geprojekteer het in ’n simboliese visioen wat die Ou Testamentiese boetprofete, die Openbaringe van Johannes, en die kuns van Bunyan in die gedagte roep.

In *The Alchemist* dring die digter bewus daarop aan dat daar niks is waarop ons durf vertrou nie. Hier, soos in *Bartholmew Fayre*, bereik hy sy doel deur die skepping van ’n vreemde wêreld wat op eienaardige wyse direk verband hou met die werklikheid. T. S. Eliot stel dit soos volg: „Jonson’s characters conform to the logic of the emotions of their world. They are not fancy, because they have a logic of their own; and this logic illuminates the actual world, because it gives us a new point of view from which to inspect it”.<sup>9</sup> Die leser vind dat hy, ten spyte van die belaglikheid van Epicure Mammon se plan om gou ryk te word, meegesleur word deur die energie en rykheid van die beeldspraak, dat hy in sy verbeelding deel geword het van ’n skitterende weeldeparadys. Die ontnugtering kom as hy besef dat die sinnelikste manifestasies van Mammon se weelddrang of selfvernietigend is, of eenvoudig onnodig is.

Dit is eers as Mammon se belangrikste toesprake versigtig ontleed word dat die leser in staat is om ’n begrip te vorm van Jonson se nihilisme en van die spel wat hy besig is om te speel met die waardes van sy gehoor. Sy onsekerheid word versterk deur die feit dat die dramaturg geen kompensasië bied vir sy vernietiging van die gevoel van sekuriteit wat deur die gemeenskap aanvaar word as een van die grootste seëninge van materiële welvaart nie.

<sup>9</sup> T. S. Eliot, *Selected Essays, 1917-1932*: Faber en Faber Bpk., Londen, 1932, bladsy 156.

Hierdie uitdagende houding vorm die basis waarop *Volpone*, Jonson se grootste drama, en een van die meesterstukke van die Engelse dramatiese kuns van die vroeë sewentiende eeu, gebou word. *Volpone* se eerste toespraak is, in die woorde van mej. Ellis-Fermor, die opsomming van „a mood and a situation”.<sup>10</sup> Die beweging van die beginverse is stadig, word gekenmerk deur ’n rustigheid wat noodsaaklik is vir die doel wat die dramaturg wil bereik:<sup>11</sup>

Good morning to the day; and, next, my gold:  
 Open the shrine, that I may see my saint.  
 Haile the worlds soule, and mine. More glad then is  
 The teeming earth, to see the long’d-for sunne  
 Peepe through the hornes of the celestiall ram,  
 Am I, to view thy splendor, darkening his: (I, i, 1-6).

In die eerste vers word ‚gold’ so ongemerk geassosieer met ‚day’ dat die leser nie onmiddellik die implikasie van die verhouding snap nie; ’n verhouding, die geldigheid waarvan bekragtig word deur die bykans ongeloflike wyse waarop die aanwesigheid van die bouse in die volgende twee verse gesuggereer word deur middel van die ongemerkte kansellering van die tradisionele verskille tussen die assosiasies van, enersyds, ‚old’, en, andersyds, ‚shrine’, ‚saint’ en ‚soule’.

Mnr. J. D. Rea meen dat in ‚Haile the worlds soule, and mine’, ‚worlds soule’ na die son verwys en ‚mine’ na die goud, en dat die woordspeling op ‚sol’ en ‚sun’ nie buite rekening gelaat moet word nie.<sup>12</sup> Hier moet ek egter aandrang op die tweeslagtigheid van betekenis van ‚worlds soule’ wat waarskynlik na die son verwys, maar wat ‚gold’ direk suggereer. In die verband van die openingstoespraak en van die drama as ’n geheel is dit die tweede betekenis wat die belangrikste is; die hele komplekse effek van die vers hang af van die tweeslagtigheid van betekenis wat aanwesig is in sleutelwoorde soos ‚worlds soule’, ‚shrine’ en ‚sunne’.<sup>13</sup> Twee stelle waardes, die een geassosieer met ‚goed’, die ander op subtiele wyse gekoppel aan die ervaring

10 Sien U. M. Ellis-Fermor, *The Jacobean Drama*: Methuen en Kie. Bpk., Londen, 1947, bladsy 36 (in verband met *The White Devil* van Webster).

11 Miskien is die Engelse term ‚urbane’ die beste beskrywing van die atmosfeer aan die begin van die toespraak.

12 Sien J. D. Rea se uitgawe van *Volpone*: New Haven, Londen, Oxford, MDCCCXCIX, bladsy 151.

13 Hier het ons ’n goeie geleentheid om te toon dat mnr. Eliot verkeerd is as hy beweer dat Jonson se poësie nie gekenmerk word nie deur „a network of tentacular roots reaching down to the deepest terrors and desires”; sien *Selected Essays*, Londen, 1932, bladsy 155.

van die bouse, word dus deurengestengel aan die begin van die drama. Dis nie blote toeval dat Volpone se goud helderder as die son skitter nie. Die sonoriteit van die vers, die suggestiwiteit van die beeldspraak, en die stadige en swaar deining van die ritme dien om die indruk van soliditeit en sekuriteit te skep; maar dis met 'n skrik dat die leser daarvan bewus word dat die konsep van waardeverskille, en dus die geldigheid van 'n positiewe geloof, vernietig is.

As ons kom by

... Deare saint,  
Riches, the dumbe god, that giu'st all men tongues:  
That canst doe nought, and yet mak'st men doe all  
things;

The price of soules; euen hell, with thee to boot,  
Is made worth heauen! Thou are vertue, fame,  
Honour, and all things else! Who can get thee,

He shall be noble, valiant, honest, wise (I, i, 21-27) — dan vind ons dat dit nie genoeg is om hierdie verse bloot te beskou as 'n perverse himne aan 'die bouse' nie. Nadat die leser die vereiste aandag aan die poësie gegee het, besef hy dat hy nie luister na 'n debat oor abstrakthede nie, maar dat hy self daarin betrokke is. Oppervlakkig beskou skyn hierdie opsomming amper ons toestemming af te dwing; maar die simboliese raamwerk verberg 'n vlymskerp kritiese ontleding, 'n ontleding wat direk gemik is op die leser se reaksie (',Riches, the dumbe god, . . . / That canst doe nought and yet mak'st men doe all things'). Dis nie slegs die leser se absolute waardes wat getoets word nie, maar die geldigheid van sy waardeoordeel. By nadere ondersoek vind ons dat ons kan saamstem met sommige van die bewerings, terwyl ons die ander gedeeltelik of heeltemal verwerp: ',fame' en ',honour' kan dalk verseker word deur rykdom; ',vertue' en ',noble' slegs gedeeltelik; ',valiant', ',honest', ',wise' — vanuit een standpunt beskou glad nie, vanuit 'n ander wel. Dit is juis hierdie uiteenlopende moontlikhede van die poëtiese konstatering, weer gedra deur intensiteit van beeldspraak en 'n subtiel gevarieerde ritme wat 'n gevoel van absolute twyfel in die leser veroorsaak, en daardeur lei tot 'n kritiese houding, sowel as 'n poging tot heroriëntering en rekonstruksie.

Intellektueel is die digter van *Volpone* wel bewus van die moontlikheid van 'n verskil tussen goed en kwaad, maar in die koersagtige ritme van die drama en op die organies-emosionele vlak word sy absolutes oorweldig deur die

verbluffende kompleksiteit van 'n ervaring wat nie deur intellektuele inspanning opgelos kan word nie. Dit verbaas ons nie dat die waarde van die bestaan self in twyfel getrek word nie:

So many cares, so many maladies,  
So many feares attending on old age,

. . . . .  
Yet this is reckon'd life!

Die trae ritme, die emosionele krag van die herhalings, die uitwerking van die hoofsinaksent op 'feares' — dit alles wek 'n gevoel dat die onderwerp nie slegs die ouderdom is nie, maar dat daar 'n veel wyer implikasie is, dat ons eie bestaan bedreig word. Hierdie nihilisme verklaar ook die perversiteit van karakters soos Corvino en Corbaccio, die lamlendigheid van die magistrate, die onnoselheid van Voltore, die advokaat, en die pogings tot verraad wat ons kry aan die einde van *Volpone* en *The Alchemist*. Ons vermoed dat die dramaturg hierdie gevoel van onsekerheid teëwerk deur sy bewuste pogings om terug te keer na die normale wêreld aan die einde van dié twee dramas. Die feit dat sy latere dramas veel minder ingewikkeld is, en dat hy hom uiteindelik toegelê het op die skryf van die konvensionele 'court masques' is ook van belang, alhoewel ons in dié verband nie veel omtrent sy motiewe kan sê sonder om die gebied van die psigiatrie te betree nie.

Ontleed ons die treffende toneel (III, vii) waarin Volpone probeer om Corvino se vrou te verlei tot 'n lewe van sinnelike genot, word ons des te sterker bewus van 'n atmosfeer van onheil en die onmoontlikheid om dit vas te lê deur logiese definisie.<sup>14</sup> In 'n latere drama soos *The Devil is an Ass* het ons 'n taamlike eenvoudige uitbeelding van 'n botsing tussen goed en kwaad. Daar is dit duidelik dat Fitzdottrel se vrou veel meer in gemeen het met Wittipol, haar minnaar, as met haar hebsugtige man; en dis ook duidelik waar die digter se simpatie lê.

In *Volpone* is die omstandighede nie so eenvoudig nie. Volpone self is teen hierdie tyd weliswaar 'n verpersoonliking van die bose; maar Corvino (sowel as Corbaccio en Voltore), is niks meer as 'n meedoënlose geldwolf nie, sodat daar geen rede is waarom Celia getrou sal wees aan 'n egenoot wat bereid is om sy vrou se eer te verkoop nie. Die soort lewe wat Volpone haar bied impliseer 'n geestelike nihilisme gebou op 'n verwronge en destruktiewe waarde-

<sup>14</sup> Mej. Ellis-Fermor verwys na „the very solidity of the atmosphere of evil”, *ibid.*, bladsy 114.

stelsel.<sup>15</sup> Die intensiteit van *lewe* skyn daar te wees, maar die skittering van die geheelbeeld is té aanloklik (die leser se agterdog blyk nie geregverdig te wees totdat hy weer eens die poësie versigtig ontleed nie). Ons vind dat Volpone ook 'n verpersoonliking geword het van die uiterste egoïsme ('n feit wat miskien nie genoegsaam deur die kritici beklemtoon is nie). Sy weiering om deel te neem aan wat gewoonlik onder die term ,lewe' verstaan word, is aan die begin van die drama opvallend, en ons aandag word herhaaldelik daarop gevestig. Sy Mefistofeliese beeld van weelde, mag, ,liefde' en wat hy noem ,geluk,' is 'n skitterende nul — 'n bewering wat gestaaf word deur die feit dat sy liefde vir Celia niks meer as seksuele lus is nie. Die genietinge wat hy aanbied impliseer 'n bewuste afskeiding van die lewe, 'n geestelike barheid:

Our drinke shall be prepared gold, and amber;  
 Which we will take, vntill my rooffe whirle round  
 With the vertigo: and my dwarfe shall dance,  
 My eunuch sing, my foole make vp the antique.  
 Whil'st, we, in changed shapes, act Ovids tales,  
 Thou like Evropa now, and I like Ioue,  
 Then I like Mars, and thou like Erycine,  
 So, of the rest, till we haue quite run through  
 And weary'd all the fables of the gods.

(III, vii, 217-225).

Ons merk dat ,prepared gold' in die eerste vers terugverwys na die artifiële geluk wat Volpone uit sy goud put in die openingstoespraak wat vroeër ontleed is (I, i, 1-27) — 'n nagemaaktheid wat versterk word deur die bewuste poging om geluk af te dwing uit 'n onnatuurlike bestaan („... vntill my rooffe whirle round/With the vertigo") en wat eintlik niks minder is nie as 'n terugtrekking uit die lewe. Die bizarre, patetiese beeld wat volg („... and my dwarfe shall dance,/My eunuch sing, my foole make vp the antique") put sy suggestiewe krag veral uit die assosiasies van ,eunuch' wat die konsep van onvrugbaarheid en onnatuurlikheid afrond. Teen dié tyd is die leser se agterdog genoegsaam geregverdig: hy merk dat die klem uiteindelik val op die inherente gebrek aan die drang tot lewe. Hiervoor is die ritmiese struktuur genoegsame bewys (die koorsagtige versnelling van die tempo wat reeds daal in „make vp the antique" loop uit op die trae sleurgang van die laaste

15 Sien bladsy 187 van *Drama and Society* ... waar Knights duidelik toon dat die toespraak wat begin met „Why droopes my Celia?" (III, vii, 185-205) opgebou word op beelde van verspilling en vernietiging.

twee verse; hierdie verandering in die ritme word semanties duidelik versterk deur ,weary'd'). Ek wil byvoeg dat 'n versigtige ontleding van die toespraak as 'n geheel en van die onderhawige toneel die konsep van leweloosheid nog duideliker by ons tuisbring.

Die aansluiting by die Faust-tema is duidelik, maar Jonson bied sy stelling op 'n subtieler wyse aan as Marlowe. Corvino se vrou word nie verlei nie,\* maar die leser word wel, al is dit net tydelik; en sy absolute waardes, of hulle religieus gefundeer is of nie, word oombliklik gekanselleer, indien nie oorweldig en vernietig nie, deur die skitterende beeld van 'n sataniese wêreld. 'n Heroriëntering is noodsaaklik om geestelike vernietiging te voorkom; maar Jonson het sy doel bereik, en sy visioen van 'n glansende wêreld van korrupsie (een van die belangrikste temas van die sewentiende eeuse drama in Engeland) bly ons by as 'n ewige simbool van menslike dwaasheid.

Ek het vroeër gepraat van ,heroriëntering en rekonstruksie'. Die paradoks van Jonson se negatiewe kuns is dat dit, deur die opwekking van 'n indringende kritiese denke en 'n morele bewustheid, uiteindelik 'n besef van die moontlikhede van lewe en die belangrikheid van kontinuïteit in die leser teweegbring; maar dit kan eers gebeur nadat ons hele waardestelsel 'n deeglike skoonmaakproses ondergaan het. In dié opsig is Jonson se kuns die teenoorgestelde van die satire van Swift wie se verbete aanslag op die sosiale struktuur en die bestaan van die mens absoluut en onvoorwaardelik destruktief is.

Trinity Hall, Cambridge,  
Mei 1956.

\* Ek glo nie ons moet hierdie feit toeskryf aan enige positiewe geloof in Jonson nie; dit word waarskynlik opsetlik gedoen, sodat die leser meer intensief teenoor die prikkel kan reageer.

# Die Uur Van Beslissing

JAC. J. BRITS

## *Dramatis personae:*

- |                 |       |       |       |       |               |          |
|-----------------|-------|-------|-------|-------|---------------|----------|
| (1) Oom Gysbert | ..... | ..... | ..... | ..... | .....         | boer.    |
| (2) Bertus      | ..... | ..... | ..... | ..... | .....         | sy seun. |
| (3) Piet        | ..... | ..... | ..... | ..... | } jong boere. |          |
| (4) Jan         | ..... | ..... | ..... | ..... |               |          |
| (5) Karel       | ..... | ..... | ..... | ..... |               |          |

Die toneel stel 'n eenvoudige boerewoning, op die Vrystaats-Kaaplandse grens, voor. Behalwe 'n tafel en een stoel is geen meubels op te merk nie. Aan die muur is 'n rak waarop twee gewere en bandeliers lê; op die tafel brand 'n olielamp flou. Die flikkerende vlam gooi groteske skaduwees oor die vloer en teen die muur. Aan die regterkant is 'n deur wat na buite lei, die deur aan die linkerkant lei na binne. In die middel is 'n venster.

As die skerm opgaan, staan oom Gysbert du Toit voor die venster. Hy verkeer in 'n gespanne, afwagtende houding. Telkens plaas hy sy oor teen die gordyne asof hy na iets luister, maar hy hoor blykbaar nie wat hy verwag nie, want 'n teleurgestelde uitdrukking verskyn op sy gesig. Eindelik skud hy sy hoof moedeloos en gaan op die stoel langs die tafel sit, sy ken gestut op sy regterhand in 'n peinsende houding. Dis die jaar 1901, lank na middernag.

Bertus verskyn in die deur links. Daar is iets afgemats in sy houding en bewegings. Tog is die indruk wat hy skep dié van 'n man, 'n rasegte afstammeling van die óu boeregeslag.

BERTUS (*sien sy vader sit*): Vader!

GYSBERT (*skrik op*): O, dis jy, Bertus. Ek dog jy slaap.

BERTUS (*kom nader*): Nee . . . ek kon nie. Ek het die hele tyd lê en rondrol en dink aan hierdie dinge. Hou Vader tog nie al die tyd wag nie?

GYSBERT: Ja, daar is nie tyd vir slaap nie.

BERTUS: Ek dink Pa moet vir 'n halfuur of wat gaan rus. So 'n kort tyd sal u goed doen. Ek is tog nou hier om wag te hou.

GYSBERT: Nee, dis nie nodig nie. Ek is nie vaak nie. Ek het net baie na geselskap verlang.

BERTUS: Vader moes my geroep het.

GYSBERT: Ek het gedink jy slaap en wou jou nie hinder nie. (*Na 'n rukkie*) Die dae wat voorlê sal nie lekker wees nie, ou seun. Dit sal moeilike dae wees. Die bietjie



rus wat ons nou kan geniet, moet ons maar geniet.  
(*Sug*) Wanneer sal ons weer as 'n huisgesin hier bymekaar wees, Bertus. Miskien gou, miskien jare — God alleen weet.

BERTUS (*staar voor hom uit*): Is Moeder-hulle veilig?

GYSBERT: Ja, dank die hemelse Vader!

BERTUS (*na 'n rukkie*): Vir wie wag Vader? Wie is die burgers wat kom?

GYSBERT: Piet, Karel en Jan.

BERTUS: Van die Kolonie?

GYSBERT: Ja.

BERTUS (*glimlag*): Dan kan ek die geheimsinnigheid verstaan. Dis 'n gevaarlike speletjie. As hulle gevang word, beteken dit die vuurpeloton.

GYSBERT (*staan op, luister 'n rukkie by die venster*):  
Ons sal moet aanstryk as hulle kom. Dis nie sommer hier oor die bult nie. Hulle kon al hier gewees het as niks hulle verhinder het nie. Dis lank na middernag. (*luister skielik gespanne*) Wag . . . ek hoor iets . . . nee, dis niks; ek het my seker net verbeel.

BERTUS: Waar is generaal Joubert, Pa?

GYSBERT: Gister was hy twintig myl oos van Bloemfontein.

BERTUS: Dis ver, is dit nie?

GYSBERT: Ja, dis ver; ek wens hulle kom nou. Hierdie aanhoudende wagtery kan ek nou nie meer staan nie.

BERTUS (*starend*): Dis byna onmoontlik om aan die oorlog te dink en aan die dood wat daaruit kom as die nagte so rustig is, is dit nie so nie, Pa? Kan Vader ook die paddas hoor kwaak in die kuil? En die wind wat deur die populierbome waai? Onthou Vader nog hoe ons twee wanneer ons soms na 'n kalf gaan soek het wat weggeraak het, daar by die kuil gestaan het. Ek onthou selfs hoe ek eenkeer gegly en watersopnat by die huis aangekom het.

GYSBERT: Ja, dit was mooi dae daardie, ou seun. Maar 'n mens bly nie altyd kind nie.

BERTUS: 'n Mens bly nie altyd kind nie, Vader, dis waar, maar 'n mens het altyd die plekke lief wat jy as kind liefgehad het. Daarom het ek hierdie ou plaas lief, elke klippie en bossie. Daarom maak dit my bitter om daaraan te dink dat dit oorlog is, oorlog wat verwoesting en leed sal bring, wat ons volk sal verstrooi en verdeel. Ek weet nie waarom nie, Vader, maar ek voel dis die begin van baie dinge vir ons volk. (*Pouse*). En

- om te dink dat ons self die oorlog gekies het, dis wat ek nie kan begryp nie.
- GYSBERT: Maar Bertus, hoe kan jy dit nie verstaan nie? Ons veg nie sommer nie. Dis vir ons Vryheid, ou seun. Ons moet terugwen wat ons verloor het.
- BERTUS (*vertwyfelend*): Vryheid wat deur oorlog verkry is, is geen Vryheid nie, Vader. Bloedvergieting kan nie ware vrede bring nie. Ek het so baie geleer, Pa, daar op Kollege, van Napoleon.
- GYSBERT: Wie was dit?
- BERTUS: 'n Franse Generaal wat die wêreld wou onderwerp.
- GYSBERT: Maar ons wil nie die wêreld onderwerp nie, Bertus. Ons veg slegs vir ons vryheid wat ons reg is. Ons Boerevolk glo aan God en ons glo dat Hy hierdie land vir ons bedoel het.
- BERTUS (*byna wanhopig*): Vader verstaan nie! Ek voel saam met my hele hart. Ek wil net so graag weer die ou republieke sien bestaan soos dit was, maar . . . (*swyg*)
- GYSBERT (*plaas sy hand op Bertus se skouer*): Bertus, daar is nie nou tyd vir twyfel nie. Ons volk het ons nodig.
- BERTUS: Ja, Vader, daar is nie, maar ek kan nie sonder meer saamstem nie. Oorlog is nie speletjies nie, Vader. Dit beteken opoffering en lyding. Hoeveel van ons Boeremense het daaraan gedink?
- GYSBERT (*draai weg*): Ja, dit beteken lyding, Bertus; dit beteken dat ons alles sal moet verloor wat ons met sware arbeid opgebou het — ons plase — ja alles, net om ons vryheid te wen.
- BERTUS: Dis nie net ons mans wat sal ly nie, Vader — onthou dit. Dis veral die vroue, moeders en kinders wat weerloos agtergelaat word — oorgelaat aan die genade van die vyande. Vader weet wat reeds gebeur het.
- GYSBERT (*hees*): God sal sorg, ou seun.
- BERTUS (*opstandig*): Nee, Hy sal nie, Vader, Hy sal nie! Hy sal ons verdelg omdat ons dwaas is. (*Verberg sy gesig in sy hande*) Watter kans het ons teen so 'n oormag, Vader? Watter kans? (*bitter*) Ons is soos 'n klomp stout seuns wat nie tevrede is met die behandeling nie en nou 'n belaglike vertoning van heldemoed wil maak.
- GYSBERT: Bertus! Moet ek my vir jou skaam? Is jy 'n Boer of wat?
- BERTUS (*sagter*): Ek is jammer, Vader! Ek voel net dat

hierdie bloedvergieting so onnodig is. Kan daar dan nie iets gedoen word nie, Vader? Dis nog nie te laat nie.

**GYSBERT:** Daar is niks te doen nie, Bertus. Dis oorlog en dis ons plig om vir ons land te veg. Ons kan nie nou stilsit nie. Daar sal 'n dag kom, Bertus, dat ons nageslagte ons nagedagtenis sal eer en God sal dank vir hierdie oorlog. Ons sal nie meer daar wees nie; ons sal nie meer die vryheid kan geniet nie, maar wat maak dit saak? Solank ons kinders maar net in 'n vry land kan woon.

**BERTUS** (*vertwyfelend*): Vader, ek glo dat daar 'n ooreenkoms getref kan word. Daar is altyd 'n ander weg oop as oorlog.

**GYSBERT:** Watter ooreenkoms? Wil jy dan hê ons moet oorgee en dinge maar hulle gang laat gaan?

**BERTUS:** Vader verstaan nie.

**GYSBERT:** Wat is daar te verstaan? (*vaderlik; plaas sy hand op Bertus se skouers*) Bertus, ou seun, maak jou reg om saam te gaan. Die ander burgers sal netnou hier wees en daar is nie tyd om te mors nie. Toe kom nou, as ons eers op kommando is en veg sal jy gou alles vergeet.

**BERTUS:** Vergeet? (*draai weg*) Nee, Vader, dis nie so maklik soos dit lyk nie. 'n Mens moet tog in jou hart oortuig voel dat jy reg handel, anders is jy eerder 'n las as 'n hulp. Verstaan Vader dan nie?

(*Gysbert antwoord nie, staar besluiteloos na sy seun wat selfbewus wegkyk. Daar is 'n lang pouse*).

**GYSBERT** (*na 'n rukkie*): Bertus!

**Bertus:** Ja, Vader?

**GYSBERT:** As jy so voel, waarom het jy dan gekom? Ek het jou mos nie gevra nie. En jy weet wat met rebelle gebeur as hulle gevang word.

**BERTUS:** (*antwoord nie, sluk en draai weg*).

**GYSBERT:** Bertus!

**BERTUS:** Ja, Vader?

**GYSBERT:** Is dit die rede waarom jy huiwer? Is jy dan bang?

**BERTUS** (*swaai om, met vuur*): Nee, Vader, dis nie dit nie!

**GYSBERT** (*kom nader*): Maar waarom dan?

**BERTUS** (*antwoord nie, staan gespanne*).

**GYSBERT:** Waarom antwoord jy nie, Bertus?

**BERTUS:** Ek . . . ek weet nie, Vader.

**GYSBERT:** Jy weet nie? Maar hoe het ek dit met jou, jong?

- BERTUS (*draai om, meteens openhartig*): Ek wou sommer net kom, Vader. Dit was tog byna vakansie en ek . . . ek het afgevra. (*pouse, dan vertroulik*) En buitendien, Pa vergeet dat ek ook 'n Boer is.
- GYSBERT (*sug*): 'n Boer? Ek wonder, Bertus, ek wonder. In die Kaap het jy jou afkoms gaan vergeet; daarom praat jy nou so. Jou hart is nie meer heeltemal met ons nie.
- BERTUS: Nee, Vader, dis nie so nie. Ek is nog dieselfde seun wat Vader weggestuur het om vir advokaat te gaan leer . . . (*met weemoed*) Boere-advokaat soos Vader gesê het.
- GYSBERT (*met weemoed*): Boere-advokaat! Albertus du Toit . . . Boere-advokaat.
- BERTUS (*kom nader, met vuur*): 'n Mens se siel kan nie verander word nie, Vader. Jy bly maar altyd wat jy is. Al is jy verweg en leer jy van vreemde nasies, magtiger as die een waaraan jy behoort, is die óu liefde nog daar. En dan . . . jy word gedurig daaraan herinner. Weet u wanneer ek finaal besluit het om te kom, Vader?
- GYSBERT: (*kyk op in Bertus se oë — antwoord egter nie*).
- BERTUS (*strak*): Dit was 'n maand gelede. Ons het 'n debat gehou oor watter regeringsvorm die beste is. Ek het die republiek verkies soos ons dit vandag het . . . Daardie aand het ek 'n naamlose brief ontvang van iemand wat my 'n plat Boer noem, 'n beskaafde barbaar . . . (*'n kort pouse*) Dit het my laat dink, Vader. Dit het iets in my wakker gemaak, my laat verlang na hierdie ou woonhuis waar ek in eenvoud soveel geleer het.
- GYSBERT (*skor*): En tog wil jy nie veg nie, Bertus?
- BERTUS (*vertwyfelend*): Ek weet nie, Vader. Hoe kan ek? My volk het my nodig ja, dis waar, maar nie as 'n koue lyk nie, maar as 'n geleerde. Kan u dan nie begryp nie?
- GYSBERT (*moeg, sak in stoel neer*): Nee, ek verstaan nie, ou seun. Eers wanneer 'n man gewillig is om sy lewe vir sy volk te gee, kan die volk sy talente gebruik.
- BERTUS: Nee, Vader! Moet ons dan almal sterf, selfs hulle wat sulke groot ideale het vir die opheffing van hulle volk? Moet die bloed van almal dan vloei en ons volk na die stryd sonder geestelike en kulturele leiers sit en vergaan?
- GYSBERT: God sal sorg, Bertus. Hy is die regter oor ons lewe. As dit Sy wil is dat ons as volk moet voort-

bestaan, dan sal Hy sorg vir die toekoms. Daar sal mense wees wat ons volk op die regte pad sal lei, en hou.

BERTUS: Ek weet nie, Vader. Ek moet dink en lig kry oor alles en van hierdie twyfel ontslae raak.

GYSBERT (*met vaste stem*): As jy twyfel, Bertus, is jy nutteloos. Dan wil ek jou nie saamhê nie. Ons volk het nie draadsitters nodig nie . . . en jy weet wat ek van 'n draadsitter dink.

BERTUS: Is dit dan lafhartig om anders te dink, Vader? Is dit papbroekig om vrede bo oorlog te verkies? (*bitter*) Hierdie uitgestrekte Vrystaatse vlaktes waar eenmaal die vrede van God geheers het, sal môre-oormôre verander word in 'n bloedbad, in lyding vir vroue en kinders. Hier waar eenmaal gesonde, kragtige jongmanne gewerk het, sal verminkte manne rondstruikel, sonder hoop en moed . . . God, watter vooruitsig!

GYSBERT (*ontroerd, maar tog meester van homself*): Bertus, as ons volk nie gewillig is om dit te gee nie, is ons mag al klaar gebreek. Dan hoef ons nie te veg nie. Ons moet gewillig wees om op te offer en te ly. Miskien sal ons niks baat nie, maar ons kinders eendag . . .

BERTUS (*lag wrang*): Ons kinders?

GYSBERT: Ja, Bertus, ons kinders. Dis van die grootste belang. Ek en jou moeder is alreeds oud soos so baie ander. Daar bly vir ons nie veel meer oor nie. Vir ons is daar geen toekoms nie. Waarom dink jy sal ons veg en stry? Ons kan daar niks by baat nie, maar eendag . . .

BERTUS (*val hom bitter in die rede*): . . . eendag sal ons volk van ellende krepeer. Eendag sal ons opgeskeep sit met 'n klomp halfopgevoede jongmense (*neem die geweer van die rak af, breek die slot oop en druk dit dan weer toe*). Ons noem ons dapper, Vader, maar ons is dwaas. Ons probeer aan ander volke toon dat ons nie bang is nie, dat ons kan skiet. God wees ons genadig!

GYSBERT: Bertus! Jy praat soos een wat aan 'n ander volk behoort en jy vergeet dat jou volk reeds baie gely het vir hulle Vryheid.

BERTUS: Dis juis wat ek onthou, Vader. Ek onthou hoe ek as seun gewerk het om hierdie ou plaas op te bou, saam met Boet en Vader. Ek onthou hoe gelukkig ons was en hoe seker van onself. En kyk vandag . . .

GYSBERT (*starend*): Bertus, jy het twee broers in oorloë verloor. Hulle grafte is in die veld op 'n onbekende plek. Ons kon hulle nie self begrawe nie. Maar ek is nie jammer dat hulle só moes sterf nie. Nee, ek is trots om hulle vader te wees. En jy kan ook trots wees, Bertus, ook op jou moeder en suster, wánt hulle is die vroue wat my moed ingepraat het toe ek moedeloos begin word het. En nou... ek weet nie eers presies waar hulle nou is nie — saam met 'n kommando burgers êrens op die Transvaalse vlaktes. Sien jy, Bertus, hulle almal verkies om te ly, om te vlug en te veg. Hulle almal glo in die toekoms van ons volk, net jy nie. Almal veg, net jy is te bang.

BERTUS: Vader noem my bang en miskien is ek, maar ek is nie bang om te sterwe nie, maar bang om so doelloos my lewe te gee. Vader, glo u werklik dat oorlog die enigste uitweg was en nog is?

GYSBERT: Ja, Bertus, ek glo dit; ek glo dat God met ons sal wees. Daar is 'n doel agter alles en as dit Sy wil is dat ons moet verloor, sal ons berus. Hy sal sorg dat ons nie alles verloor nie... (*intiem*). Jy sien, Bertus, ou seun, 'n mens kan sy lewe verloor, 'n volk kan al sy besittings verloor, maar sy selfrespek moet hy altyd behou.

(*Bertus staar sienloos voor hom uit. Daar is 'n oomblik pouse*).

GYSBERT (*skielik gespanne, stap vinnig na venster*): Wag, ek het iets gehoor... Daar is dit weer. Dis hulle. (*Neem die brandende lamp en swaai dit driemaal voor die venster*).

(*Bertus het ook nader gekom — gespanne*).

BERTUS: Is dit hulle?

GYSBERT: Ja. Ek gaan net gou die agterdeur oopmaak. (*Uit*).

(*Bertus staan vir 'n oomblik voor hom en staar. Dan neem hy die geweer in die hande, staar daarna asof in 'n droom; plaas dit na 'n paar oomblikke weer terug*).

(*Gysbert en twee burgers — Jan en Piet — kom binne al geselsende*).

PIET (*Steek verras in sy spore vas as hy Bertus sien; ook Bertus se gesig verhelder*): Maar my kragtie, Bertus, dit kan mos nie waar wees nie. (*groet*) Oom Gysbert het ons gesê daar wag 'n verrassing vir ons, maar ek het nie geweet dat dit jy is nie.

JAN (*groet ook, laggend*): Dag, Bertus, man; ek is bly

om jou weer te sien, alhoewel ek so 'n bietjie teleurgesteld ook is.

BERTUS (*lag saam*): Hoe verstaan ek jou nou?

JAN: Ek en Piet het gedink hier wag 'n paar kakies wat oom Gysbert solank gevang het.

BERTUS: Ek dink julle is te gretig om slaags te raak, of wat sê Pa?

GYSBERT: Ja, daar is nog genoeg tyd daarvoor (*skertsend*). Ons sal net moet oppas dat die kakies ons nie vang nie.

PIET: Dit sal hulle nooit regkry nie, oom Gysbert. (*skielik*) Ai, is die ou wêreld darem nie klein nie, Bertus? Wie het nou ooit kon dink dat ons jou hier sou raakloop. Dis lekker om te sien hoe jou ou skoolmaats saamstaan in die stryd.

BERTUS: Ja, dis nog die ou dae, nè? Ek dink dikwels aan ons skooldae en al die dinge wat ons aangevang het. By al die swaarkry en hard leer was dit darem nie so sleg nie.

PIET: Nie so sleg nie? Maar ou Bertus, dit was sommer vorentoe, jong. Onthou julle nog hoe ons die half-hollandse ou meester Trouw aan die slaap gesing het gedurende een van sy sanglesse? (*alvier lag oor Piet se lewendige vertelling; Piet vervolg*): Ek sien hom nou nog orent spring, toe ek en ou Bertus skielik hard in sy oor sing. Waar was Oom? (*poging tot na-apcry*) Honderd regels, elkeen van jullie. Dit sal jullie een les leren. Jullie jongens heeft geen respekke meer vir een oudere perzoon.

(*Die vier lag hartlik*).

BERTUS: Jy is 'n ou doring, Piet; na vandag sal ek dit nooit vergeet nie.

GYSBERT (*skielik onrustig*): Ons kan nie langer vertoef nie. Die pad is lank en ons weet nie wat voor die deur lê nie. Dis seker al naby dagbreek.

PIET: Ja, dis waar, Oom; ons moet gaan. Daar lê sommer nog 'n harde rit voor. Gits, ek was so bly om ou Bertus weer te sien dat ek die oorlog skoon vergeet het. Kom, Bertus, gryp die geweer jong! Ons sal die Engelse wys wie baas in hierdie land is.

BERTUS: Ek gaan nie saam nie.

JAN: Hoe sê, Bertus? Wat praat jy dan nou, man?

BERTUS: Ek het net gesê ek gaan nie saam nie. Moenie vir my wag nie. Vader weet reeds.

(*Piet en Jan kyk vinnig verslae na oom Gysbert wat wegkyk, in 'n stryd gewikkel*).

- PIET (*plaas sy hand op Bertus se skouer, verslae*): Bertus, ou maat . . . Oom, wat is dit dan nou?
- GYSBERT (*skor*): Hy wil nie gaan nie, Piet; dit help nie. Ek het hom al probeer oortuig dat hy moet gaan, dat dit sy plig is, maar hy wil nie luister nie. (*na 'n rukkie, stil*) Ons moet gaan, daar is nie meer baie tyd nie.
- PIET: Ons kan nie sonder Bertus gaan nie, Oom.
- JAN: Hoekom wil jy nie gaan nie, ou maat?
- BERTUS: Ek wil nie deel hê aan hierdie sinnelose bloedvergieting nie. Dis tog 'n verloorstryd.
- PIET: (*met vuur*): Ons gaan wen, Bertus, ek sê jou, ons gaan nie verloor nie. En buitendien 'n man wat 'n man is, moet kan verloor ook.
- BERTUS: En as julle verloor?
- JAN: Ons sal nie — nie ons nie. Die Britse magte sal die land gouer verlaat as wat hulle hier gekom het.
- BERTUS (*herhaal*): En as julle verloor?  
(*Piet en Jan het albei weggedraai, asof die werklikheid van Bertus se woorde hulle lamslaan, onmagtig om te praat*).
- PIET (*na 'n rukkie, met vuur*): Dan moes dit maar so gekom het. Dan weet ons ten minste dat ons ons plig gedoen het teenoor ons nasie se toekoms.
- BERTUS: Plig? Noem julle dit plig, Piet? Noem jy dit manlik om jou medemens, wat jy nie eens ken nie, voor die voet dood te skiet, net omdat dit oorlog is? Noem julle dit Gods Bestiering?
- PIET: Daar kan niks aan gedoen word nie. Ons volk se vryheid is op die spel en dis al wat ek op die oomblik raaksien.
- BERTUS: Julle misbruik die woord „vryheid” glad te veel, Piet. Vryheid is nie iets wat jy verwerf deur moord en doodslag nie. Dis in jou of dit is nié daar nie.  
(*Daar heers 'n lang pouse; drie is verslae; Bertus staar ver voor hom uit*).
- BERTUS (*skielik met vuur*): O, hoe haat ek hierdie dinge in ons, my volk, hierdie swakhede waaraan ons gebuk gaan. Hierdie grootpraat van my volk asof dit hulle probleme gaan oplos; hulle gedweep met begrippe soos „vaderlandsliefde” sonder om te weet wat dit eintlik alles beteken.
- GYSBERT: Bertus!
- BERTUS: Dis die waarheid, Vader; ons kan dit nie miskyk nie. Ons weet ons gaan verloor; waarom vergeet ons nie die tweedrag en gee oor nie.
- JAN (*opstandig*): Dis lafhartig!





DR. F. P. VAN DER MERWE



PIET (*beslis*): Ons gaan probeer, Bertus, en as God so wil, gaan ons wen. (*met bitterheid*) Ons het tog nou in elk geval nie ons vryheid nie. Hy wat minstens probeer, is manliker as hy wat oorgee soos 'n papbroek.

BERTUS: (*draai skielik om, stap na deur. Op die drumpel aarsel hy en draai na Gysbert*).

BERTUS: Vader!

GYSBERT (*wat nog al die tyd gebroke gestaan het, skrik op — in 'n skor stem*): Ja . . . ja, wat is dit, Bertus?

BERTUS (*kom nader*): Vader . . . ek moet dink . . . oor al hierdie dinge . . . ek glo anders as Vader-hulle. As ek besluit om te kom, sal ek kom, Vader. My perd sal nog altyd hier wees. Dan sal ek vir Vader en Piet en Jan opsoek en saam met julle veg . . . Maar eers wanneer ek oortuig voel dat dit die beste is.

(*Daar is 'n oomblik stilte; dan draai Bertus om en gaan uit. 'n Lang pouse*).

GYSBERT (*bitter*): Het ek ooit kon dink dat ek my vir my eie seun sou moes skaam?

PIET (*sluk*): Moenie te hard oordeel nie, Oom. Ek weet dis hard. Magtie, ek self voel verslae; ek kan dit nie glo nie . . . Maar hy was so lank weg, Oom, en 'n mens verander. Hy verstaan ons nie meer nie.

GYSBERT: Verstaan nie, Piet? Liefde vir jou volk en jou land is nie te verstaan nie, dis te voel — hier binnekant. (*Teleurgesteld*) Ai, Bertus, ou seun, hoe het ek dit dan met jou? Jy kan mos nie 'n papbroek wees nie. Waar is die Boerebloed wat daar in jou are moet vloei? (*Pouse. Dan opeens nugter*) Ons moet gaan, die pad is lank. (*Neem sy geweer en bandelier van die rak*).

PIET (*stil*): Ons sal 'n ent moet stap, Oom. Oom kan natuurlik ry met Oom se perd. Ek het Karel gesê om op die koppie daar links van die skaapkrale vir ons te wag met die perde. Hy is 'n goeie brandwag en sal 'n skoot skiet om ons te waarsku as hy iets in die omgewing opmerk.

JAN (*skielik*): Wag, ek het iets gehoor . . . (*gespanne*). Ja, daar is dit weer. Het Oom-hulle dit gehoor?

GYSBERT (*wat ook gehoor het*): Ja . . . blaas dood die lamp! (*Piet wil dit doen, maar dan word daar hard teen die deur geslaan — 'n enkele slag wat hulle in hulle spore laat vassteek*).

GYSBERT: Wag, moenie die lamp doodblaas nie, Piet; dit kan nie een van die vyand wees nie. (*Hy tree nader na die deur; aan Piet en Jan*) Hou julle gereed; 'n mens

weet nooit wat kan gebeur nie! (*By die deur*) Wie is dit, vriend of vyand?

(*Die drie luister gespanne, maar daar kom geen antwoord nie*).

JAN (*fluisterend*): Ek sal deur die venster klim en gaan kyk, Oom.

GYSBERT: Nee, dis te gevaarlik. Hou julle gereed; ek gaan die deur vinnig oopruk.

(*Hulle hou hulle gewere op die deur gerig. Oom Gysbert ruk die deur oop sodat hy daar agter bly. Karel, 'n jong boer, struikel binne en val oor die verbaasde Piet en Jan neer. Daar is 'n bloedvlek op sy bors, sy klere is vuil en stukkend en op sy gesig is ondraaglike pyn te lees.*)

GYSBERT (*druk die deur toe en kniel by Karel; in 'n skor stem*): Here, wat het nou gebeur? (*Tot Jan en Piet wat versteend staan*) Kom help my, die wond lyk dodelik. Gaan haal water in die kombuis, Jan.

(*Jan uit*).

(*Gysbert en Piet tel Karel op en plaas hom op die stoel in 'n sittende posisie. Piet hou hom regop.*)

(*Jan kom terug met die water*).

JAN: Wat sou gebeur het, Oom?

GYSBERT: Die Here alleen weet, ou seun. (*Hy laaf Karel met die water en ontbloot die wond*).

PIET: Sal dit nie beter wees as ek of Jan gaan wagstaan nie, Oom? Dis natuurlik die kakies se werk.

GYSBERT (*moeg*): Nee... hier is ons minstens veilig. Ons kan nie nog iemand verloor nie (*met 'n sug*). Dat dit nou moes gebeur en ons het niks om op die wond te sit nie (*staar voor hom uit*).

(*Karel roer skielik; hulle merk dit*).

JAN (*gespanne*): Hy het geroer, Oom.

GYSBERT (*kom nader*): Ja, ek het gesien... Karel, ou seun... Karel, hoor jy my?

KAREL: (*roer effens; sy lippe beweeg woordeloos*).

PIET: Hy wil iets sê, Oom. (*Aldrie kom nader, gespanne en afwagkend*).

GYSBERT: Karel... Karel, ou seun.

KAREL (*Sy oë flikker oop; moesaam in 'n flou stem*): Hulle is... is weg... Piet... Ek... (*Hy hyg na sy asem*).

PIET: Wie is weg, Karel?

KAREL (*met bonatuurlike inspanning*): Die Engelse... Ek het weggery... sodat... sodat hulle agter my aan

moet ry en nie . . . nie hierheen kom nie . . . Hulle is weg . . . Ek . . . (*Hy sak moeg agteroor*).

PIET: Karel, hoe het jy dan hier gekom?

KAREL (*na 'n rukkie; skor*): Ek . . . ek het geloop . . . Prins is geskiet . . . (*Hy roggel skielik, 'n ruk vaar deur sy liggaam en as hy agteroor val, lê hy roerloos*).

*Oom Gysbert se lippe roer, maar daar kom geen geluid uit nie. Daar het 'n vreemde uitdrukking op sy gesig gekom: een van smart en verering. Piet en Jan struikel weg en verberg hulle gesigte in hulle hande.*

*(Bertus kom plotseling binne, stil en ongemerk. Sy gesig is strak en sy oë staar soos in 'n droom na die toneel voor hom).*

BERTUS (*skielik*): Vader!

GYSBERT (*swaai om*): Bertus? (*Vader en seun staar vir 'n oomblik in mekaar se oë*).

BERTUS (*sy oë op Karel se stil figuur; tree nader*): Vader . . . wat het gebeur? Is hy . . . ?

GYSBERT (*half bitter*): Die Engelse. Hy het waggehou en wou hulle seker op 'n dwaalspoor lei om ons te red. Daarvoor het hy sy eie lewe gegee.

BERTUS (*neem Karel se hand in syne; in 'n hees stem*): Karel, ou maat, dat ons weerontmoeting só moet wees!

Dat jy só moes sterf, sonder om eers tot siens te sê . . .

PIET (*stil*): Só wou hy dit altyd gehad het, onthou jy, Bertus? Daar was 'n tyd toe ons almal na hom opgesien het . . . toe hy die held onder ons was.

BERTUS (*met plotselinge ontroering*): God, moet ons dan almal só sterf, so sonder lig en hoop . . . sonder dat ons, ons drome bewaarheid gesien het! (*Bedek sy hoof in sy hande*) Here, is dit dan die einde van alles: Net 'n graf in die veld, waarop die nageslagte sal trap sonder om dit te weet . . . en verder niks . . . (*sagter*) En tog, Karel, het jy vandag gevind waarna jy gesoek het. Jy het gesterf soos 'n man en daarom bly jy lewe vir ons en al ons nageslagte. Wat jy kon, het jy gedoen . . . en wie kan meer doen as wat deur God vir elkeen afgemeet is?

*(Die drie mans se oë bly op Bertus. Op hulle gesigte is iets soos ongeloof gemeng met innige blydschap).*

BERTUS (*skielik*): Ons moet gaan, Vader, maar eers is daar 'n taak wat wag. (*met weemoed*) Karel moet begrawe word en dan eers . . . dan eers kan ons gaan. 'n Lewe soos dié van Karel mag nie afgesluit word nie. Dit moet voortgaan en ek . . . ek self sal dit voortsit, omdat God dit wil hê en my volk my nodig het.

*(Bertus stap na die rak, neem sy geweer en bandelier en hang dit oor sy skouer. Dan steek hy sy hand uit na sy vader).*

GYSBERT *(gryp sy hand vas, met innigheid)*: Bertus, ou seun!

*(Dan steek Bertus sy linkerhand na Piet en Jan uit. Hulle neem dit en die vier Boere se hande rus vir enkele sekondes op mekaar).*

PIET: Tot die dood toe, Bertus.

BERTUS: Ja, tot die dood toe, Piet, en wie sal ons keer?

JAN: Ons sal saam veg, Bertus, en saam sal ons wen.

GYSBERT *(ontroerd, maar met vaste stem)*: Laat ons die Hemelse Vader vra om ons te bewaar op al ons weë...  
*(Die vier Boere staan met geboë hoofde, terwyl...)*

## DIE SKERM SAK

# A. Alberts

## DIE GRONDBARON

*Soos eens die trotse vors van Babilon  
deur skeppingsdrang oorstelp, sy wonderstad  
mog roem, so sien nog steeds die grondbaron  
sy plaas: iets kleiner wel, maar tog 'n skat.*

*Oor vyftienduisend dure morge wei  
vol lewenslus sy vee en wildediere.  
In hierdie koninkryk so wyd en vry,  
hier sing sy voëls, hier werk sy bye en miere.*

*Geboomte, blomme en geilgroen gras omgroe  
die damme wat soos bloue mere blink,  
en waarop kinders vrolik bootjies roei;  
maar op die walle staan die baas en dink:*

*Og, kon ek uit my graf maar net aanskou  
hoe ander leef en Babilonne bou!*

## VUURVLIEG EN STER

*Die groot heelal, so skoon  
en onbeskryflik goed,  
laat my in minne woon  
en meng dit met my bloed.*

*Vertoon die suiderhemel,  
deur sterre sonder tal  
van lewe en lig deurwemel,  
die liefde van die al . . .*

*my siel, daarvan deurdrenk,  
kan ook (nie sonder prag nie)  
met klein gebaartjies wenk  
en op geen antwoord wag nie.*

*Stuur dan jou liefde vry  
soos sterlig aan vir my!*

## GRAFSKRIF

*Miskien bewaar die aardkors jou gebeente,  
totaal omskep tot edele gesteente;*

*ook jou beminde, tussen massas rotse  
soos 'n blomblaar in 'n boek bedek,  
toddát 'n geoloog of ander trotse  
jul ná duisend eeue herontdek!*

## LEUSES

*Daar is 'n smart  
in elke hart:  
dit is die pyn  
van al die skyn.*

*Daar is 'n kinkel  
in elke winkel:  
dis die verdriet  
van sy krediet.*

*Daar is 'n myn  
in elke brein:  
dit is die goud  
van selfbehoud.*



# Die Kinderspioen

ALPHONSE DAUDET  
(vertaal deur André P. Brink)

Sy naam was Stenne — klein Stenne.

Hy was 'n klein Parysenaar, bleek en sieklik, moontlik tien jaar oud, miskien twaalf: dis moeilik om te sê met sulke kinders. Sy ma was dood; sy pa, 'n oud-seesoldaat, het 'n plein in die omgewing van die Tempel bewaak. Die ganse kleinvolk van Parys het vader Stenne geken en bewonder: die kindermeisies, die ou vrouens met voustoeltjies, die arm moeders — almal wat skuiling kom soek het van die voertuie in die blombeddings langs die sypaadjies. Onder daardie rooi snor, die skrik van honde en boemelaars, het 'n sagte, amper moederlike glimlag geskuil — dit het almal geweet; en om daardie glimlag te sien, was dit net nodig om die goeie oubaas te vra:

„Hoe gaan dit met jou klein seuntjie?”

Vader Stenne het sy seuntjie so liefgehad! Hy was so gelukkig as die knapie hom in die aand na skool kom haal sodat hulle saam deur die lane kon stap, by elke bank kon gaan stilstaan om die vriendelikheid van die sittendes ewe vriendelik te begroet.

Met die ongelukkige beleg het alles verander. Vader Stenne se plein is gesluit om petrol daar te bewaar en die arme ou man, verplig tot gedurige en onverslachte waaksaamheid, moes sy lewe alleen en sonder om selfs te kan rook in eensaamheid slyt. Slegs saans, baie laat, kon hy sy seuntjie by hom hê.

Klein Stenne self het nie veel beswaar gehad teen die nuwe lewe nie . . .

'n Beleg! Vir die seuntjies was dit 'n vreugde. Geen skool meer nie, geen raas kry nie . . . heelyd vakansie en die vryheid van die straat.

Die kind het tot saans buite rondgejakker. Hy het die bataljons van die omgewing na die versterkings vergesel, verkieslik dié met 'n goeie orkes. Hierin het klein Stenne erg bedrewe geraak. Hy kon jou geredelik vertel dat die orkes van die ses-en-negentigste bataljon nie veel werd was nie; dié van die vyf-en-vyftigste was weer uitstekend.

By ander geleenthede het hy gaan kyk as die leërvoertuie maneuvres uitvoer; en dan was daar nog toustaan . . . Mandjie onder die arm, het hy in die lang toue voor die bakker of slagter gaan staan in die skaduwee van die

winteroggende as daar geen gas was nie. Daar, voete in die water, het mens nuwe kennisse gemaak, politiek gesels en — nes oubaas Stenne se seuntjie — ander se opinie gevra.

Die heerlikste van alles was egter die hotelpartytjies met die beroemde dobbelspel van die *galoche* wat die Bretonse soldate tydens die beleg gewild gemaak het. As klein Stenne nie by die linies of die bakker was nie, sal jy hom sonder uitsondering by so 'n *galoche*-groepie by die ingang van die Château-d'Eau aantref. Nie dat hy self gespeel het nie: dit het te veel geld gekos. Hy was tevrede om met groot oë na die spelers te kyk. Veral een speler, 'n grote met 'n blou oorpak, wat nooit geldstukke kleiner as 'n honderd *sou* gehad het nie, het sy bewondering gaande gemaak. As daardie knaap hardloop, kon mens die geldstukke onder in sy oorpak se sakke hoor klink.

Een dag, toe hy 'n geldstuk wat weggerol het, by klein Stenne se voete optel, het die groot seun in 'n basstem gesê:

„Dit laat jou oë uitpeul, nè? Wel, as jy wil, sal ek jou wys waar jy ook daarvan kan kry.”

Ná die spel het die seun hom na 'n hoekie van die plein geneem en hom gevra om saam te gaan om koerante aan die Pruise te verkoop; mens kon dertig frank op 'n slag verdien. Stenne het eers baie verontwaardig geweier en toe drie dae lank van die ander weggebly. Drie aaklige dae. Hy het nie geëet nie, ook nie geslaap nie. Snags het hope dobbelsteentjies aan sy voetenend opgestapel en honderd-*sou*-stukke het voor hom verbygegaan, glinsterend en aanloklik. Die versoeking was te sterk.

Op die vierde dag het hy teruggegaan na die Château-d'Eau, die groot seun opgesoek en hom laat oorreed . . .

Op 'n koue, besneeude oggend is hulle weg, linnesakke op die skouers, die koerante in hul hemde versteek. By die Vlaanderepoort kon Stenne nouliks beweeg. Die groot seun het hom aan die hand geneem, hulle het die wag genader — 'n gawe man met 'n rooi neus en vrolike geaardheid — en in 'n klein stemmetjie gevra:

„Laat ons asseblief verbygaan, meneer . . . Ons ma is siek; pa is dood. Ek gaan saam met my klein broertjie om aartappels in die veld te gaan soek.”

Hy het gehuil. Stenne het verleë sy kop laat sak. Die wag het hulle 'n oomblik aangekyk en 'n vlugtige blik op die verlate wit pad gewerp.

„Loop gou,” het hy gesê. En daar was hulle op die d'Aubervilliers-pad! Hoe het die groot seun nie gelag nie!

Aubward, soos in 'n droom, het Stenne die groot fabriek in kasernes omskep gesien, verlate barrikades met nat lappe

versier, lang torings wat gate in die mis priem — alles leeg en beskadig. Hier en daar het wagte met monnikhoede deur verkykers doer anderkant gekyk; klein tentjies was nat van sneeu wat voor die sterwende vuurtjies gesmelt het.

Die grote, wat die pad geken het, het kortpad oor die veld gestee om wagposte te ontwyk. Ten spyte hiervan het hulle 'n wagpos van die *franc-tireur-regiment* raakgeloop voordat hulle kon rieme neerlê. Die *francs-tireurs* was daar, met hulle kort oorjasse, gehurk in 'n loopgraaf vol reënwater al langs die Soissons-spoorweg. Hierdie keer wou die wagte hulle nie op die groot seun se verhaal laat verbygaan nie. Eindelik, terwyl hy daar staan en soebat, loer die kop van 'n ou sersant deur die venster van die waghuis. Hy was grys, die ene plooië en het 'n ietwat na Stenne se pa gelyk.

„Haai!” het hy geroep. „Moenie huil nie, knapies! Ons sal julle soontoe laat gaan om julle aartappels te gaan haal. Maar kom eers in om bietjie warm te word. Daardie kleintjie lyk skoon bevrore.”

Helaas! Dit was nie van koue dat klein Stenne gebeef het nie, maar van vrees en skaamte . . .

In die waghuis was 'n klompie soldate gehurk om 'n kwynende vuurtjie waarin hulle beskuite aan die punte van hul bajonette probeer ontvries het. Hulle moes druk om vir die kinders plek te maak. Iemand het hulle iets te ete gegee en 'n bietjie koffie. Terwyl hulle besig was om te drink, het 'n offisier by die deur ingekom, die sersant geroep. Hy het baie sag gefluister en die sersant het vinnig na hom toe gegaan.

„Kinders!” het hy verheug teruggekom. „*Daar sal vannag tabak wees . . .* Ons het die Pruisiese wagwoord uitgevind. Ek is seker ons gaan vannag wraak neem!”

Daar was 'n uitbarsting van bravo's en uitbundige gelag. Daar is gedans, gesing, gekorswel met die bajonetsoldate; van hierdie geharwar het die kinders gebruik gemaak om te verdwyn.

Anderkant die loopgraaf was daar net die groot vlakke en ver anderkant 'n wit muur met skietgate. Dit was na hierdie muur dat hulle gemik het, voetjie vir voetjie sodat dit moes lyk asof hulle met elke tree eers aartappels skil.

„Kom ons gaan terug,” het klein Stenne aanhoudend gesoebat. „Asseblief, moenie dat ons soontoe gaan nie!”

Sy maat het net sy skouers opgehaal en bly aanloop.

Daar was skielik die geklik van 'n slot wat oorgehaal word.

„Kruip weg!” het die groot seun geroep en plat geval.

Daar van die grond af het hy gefluit. 'n Ander fluit het

deur die sneeu geantwoord. Kruip-kruip het hulle nader gegaan . . . Voor die muur het twee geel snorpunte en 'n vuil beret verskyn.

Die groot seun het langs die Pruis op die verskansing gespring:

„Dis my boetie,” het hy gesê en na sy maat gewys.

Stenne was so klein dat die Pruis begin lag het toe hy hom sien. Hulle was verplig om hom onder sy arms te neem om hom boontoe te help.

Oorkant die muur was daar groot grondwalle, omgevalle bome, wit gate in die sneeu — en in elke gat was daar dieselfde vuil beret, dieselfde geel snor wat gelag het as hulle verbykom.

In 'n hoekie was die tuinier se huis, beskut met boomstamme. Die grondverdieping was vol soldate, besig om kaart te speel en sop op 'n groot vuur te maak. Daar was 'n heerlike geur van kool en spek: hoe gans anders as die oop kamp van die *francs-tireurs!*

Die offisiere was bo. Mens kon hulle hoor klavier speel en sjampanjebottels oopmaak. Toe die Parysenaartjies inkom, het 'n uitroep van vreugde hulle begroet. Hulle het die koerante afgelewer; toe is daar vir hulle wyn ingeskink en hulle is aan die gesels gemaak. Daar was iets trots en slegs, maar die groot seun het hulle met die vuur van die agterbuurt en die woordeskat van die straatjongens vermaak. Hulle het uitbundig gelag, die woorde ná hom herhaal en genoeglik gerol in hierdie Paryse modder wat na hulle aangedra is.

Klein Stenne sou ook graag wou praat sodat hulle kon sien dat hy nie 'n gek was nie, maar iets het hom gekeer. Teenoor hom was 'n Pruis, ouer en ernstiger as die res, wat sit en lees het — of liever, wat gemaak het of hy lees, want sy oë het op een plek bly kyk. Daar was 'n uitdrukking van teerheid en verwyd in sy oë, asof hy tuis 'n seuntjie net so oud as Stenne kon gehad het en asof hy wou sê:

„Ek sou liever sterf as om my kind so iets te sien doen . . .”

Van hierdie oomblik af was dit vir Stenne asof daar 'n swaar hand op sy hart gelê het wat hom gekeer het.

Om hierdie vernedering en verwyd te ontvlug, het hy begin drink. Alles het om hom begin draai. Vaagweg, te midde van dawerende gelag, sien hy sy maat gekskkeer met die nasionale troepe, met hulle manier van oefen . . . sien hoe hy voorstel hoe die brandwag, Marais, op die skanse verower word. Eindelik begin die stemme sagter word, die offisiere kom bymekaar, die gesigte word ernstig. Die klein ellende-

ling was op die punt om hulle teen die aanval van *francs-tireurs* te waarsku . . .

Op daardie oomblik kom Stenne woedend en hartstogtelik orent:

„Moenie dit doen nie . . . Asseblief, ek wil nie hê jy moet nie!”

Maar sy maat glimlag net en gaan voort. Voor hy nog klaar is, staan al die offisiere. Een van hulle maak die deur vir die kinders oop.

„Uit die kamp uit!” sê hy.

En hulle begin onder mekaar redeneer in Duits, so vinnig as hulle kan. Die groot seun loop uit, trots soos 'n hertog, en laat sy geld rinkel. Stenne volg met geboë koppie. En toe hulle by die ou Pruis verbykom wie se blik hom so onseker laat voel het, hoor hy 'n verslae stem wat sê: „Dis nie goed nie . . . Dis nie goed nie . . .”

Daar kom trane in sy oë.

Terug op die vlakte, begin hulle hardloop. Hul sakke is vol aartappels wat hulle by die Pruisie gekry het; hiermee gaan hulle sonder moeite verby die loopgraaf van die *francs-tireurs*. Hulle is besig om reg te maak vir die nag se aanval. Troepe kom stil en ongemerk aan en vergader agter die mure. Die ou sersant is ook daar, besig om sy manne op te stel, sy gesig so gelukkig . . . Toe die kinders verbykom, herken hy hulle en groet met 'n glimlag . . .

Dit skryn in Stenne se hartjie. 'n Oomblik is hy lus om te roep:

„Moenie soontoe gaan nie . . . Ons het julle verraa!”

Maar sy maat waarsku hom: „As jy iets sê, sal ons geskiet word.” Dit laat die angs terugkom . . .

By die Courneuve gaan hulle in 'n verlate huis die geld verdeel. Ek moet erken dat die verdeling baie eerlik geskied het en dat die geluid van die geld onder sy hempie en die gedagte aan die *galoche*-byeenkomste wat wag, Stenne laat glo het dat sy misdaad darem nie té aaklig was nie.

Maar toe hy eers weer alleen was — arme kind! Nadat die groot seun eers weg was en sy sakke al swaarder begin word het, het daardie hand al stywer om sy hartjie geklem. Parys het anders as gewoonlik gelyk. Die verbygangers het hom streng aangekyk, asof hulle geweet het waar hy vandaan kom. Die woord *spioen* het hy in die geluid van die strate gehoor, in die gebons van die tamboere wat langs die kanaal oefen.

Tuis het hy verheug gesien dat sy pa nog nie terug was

nie en vinnig in hulle kamer die geld, wat hom so gepla het, onder sy kopkussing gaan wegsteek.

Vader Stenne was nog nooit tevore so opgewek, so verheug om terug te wees soos daardie aand nie. Hy het die nuus van die buitewêreld vertel; die land se posisie was nie meer so duister nie. Deur die hele ete het die oubaas na sy geweer teen die muur gekyk en met sy mooi glimlag aan sy seun gesê:

„Jy sal darem teen die Pruiise opruk as jy groot is, nè?”

Teen agtuur het kanonne veraf begin bulder.

„Dis die Aubervilliers: hulle val Bourget aan,” sê die oubaas, wat al die forte ken. Klein Stenne word bleek en maak asof hy baie moeg is, sodat hy kan bed toe gaan, maar hy kan nie slaap nie.

Die kanonne dreun aanhoudend. Hy sien in sy verbeelding hoe die *francs-tireurs* in die nag die Pruiise probeer verras en self in 'n hinderlaag loop. Hy herinner hom die sersant wat so vriendelik geglimlag het, sien hom daar anderkant op die sneeu uitgestrek lê saam met soveel ander . . . ! Die prys van al daardie bloed lê hier onder sy eie kopkussing en dis hy wat dit gedoen het — hy, die seun van meneer Stenne, 'n soldaat . . . Hy stik in die trane.

In die kamer langsaan hoor hy sy pa op en af loop en die venster oopmaak. Onder op die plein blaas die beuels en 'n voertuigbataljon maak gereed om te vertrek. Dis dus beslis 'n regte geveg.

Die ongelukkige kind kan die trane nie meer terughou nie.

„Wat makeer?” kom sy pa in.

Die kind antwoord nie, spring net uit sy bedjie en gooi hom aan sy pa se voete. In die beweging rol die geld oor die vloer.

„Wat is dit?” vra sy pa bewend. „Het jy dit gesteel?”

Toe, in een lang asem, vertel Stenne hoe hulle na die Pruiise gegaan het en wat hy gedoen het. Hy voel hoe sy hart algaande ligter word, asof dit 'n verligting is om homself te beskuldig.

Die vader luister met 'n onbeskryflike gesig. Toe hy klaar is, bedek hy sy kop in sy arms en huil.

„Vader . . .,” probeer die kind sê. „Vader . . . ?”

Die oue stoot hom sonder antwoord terug en begin die geld optel.

„Is dit al?” vra hy die kind.

Klein Stenne knik.

Die oubaas haal sy geweer van die muur af, neem sy patroondoos en, terwyl hy die geld in sy sak sit, sê hy:

„Dis goed. Ek sal dit vir hulle terugneem.”

En sonder 'n verdere woord, sonder om selfs sy kop te draai, gaan hy hom voeg by die bataljon wat in die nag verdwyn.

Niemand het hom weer daarna gesien nie.

## R. A. Coetzee

### DIE SWERWER

*Vol sagte lamplig is die woonvertrek —  
'n oomblik skuil ek buite langs die muur;  
aanloklik lyk dit binne voor die vuur;  
die stemme klink so vriend'lik, opgewek,  
en ek, hier in die winterskeem'ring, ek  
moet net deur wasigheid van ruite tuur  
en eensaam voel; net vreemd'lingskap verduur  
hier waar ek rust'loos dwaal, van plek tot plek!*

*Dan draai ek weg en stap allenig aan,  
die donker tegemoet. Die liggie wink  
vir ou-laas nog vir my; die sterre blink  
so ver, vanaand. Eind'lik verrys die maan  
in volle prag, wat immer kom en gaan  
deur eeue heen. 'n Nagvoël roep . . . Ek dink . . .  
Sy jubeltone kom in my weerklink  
en vorst'lik voel ek in my klein bestaan!*

# Die Stiebeuelklip

JOHANNES POSTHUMUS

Dit was 'n aandoenlike begrafnis, dié een wat ons dominee in die kerkhoffie tussen die populiere gelei het. Daar het mense tot uit Transvaal en Vrystaat gekom, almal diep in die rou. Ons het hierdie mense nie geken nie, ook nie eers die persone wat dié dag daar begrawe is nie, maar ons het die verhaal agter dit alles goed geken.

Eintlik het ons ook nie persone begrawe nie maar in die ware sin van die woord die stoflike oorskot van persone. Van oral het ons hierdie oorskot versamel: hier 'n gebarste kopbeen vasgespoel in 'n renosterbos en daar 'n verbleikte geraamte teen die draadheining. Alles kon ons nie kry nie, maar op die ou end het ons gesê dat ons nou die oorskot van sewe mense saam in een doodkis het.

In 'n wakies het ons stukke verroeste geweerlotte, waterflesse, verkykers en horlosies bymekaargemaak, almal dinge wat behoort het aan die mense wie se oorskot ons in die doodkis versamel het.

Toe plaas ons 'n beriggie in die koerante en nog nooit het 'n koerantberig so 'n groot toestroming na ons geweste veroorsaak nie. Familie en vriende het van heinde en verre gekom en in die kis met geroeste goed gesoek na iets wat hulle kon uitken as die besitting van 'n broer, 'n man of 'n seun. Hulle het die veld ingetrek en nog hier en daar 'n oorblyfsel gekry, maar na 'n paar dae kon ons begrafnis hou.

Dominee het ons hartsnare geroer toe hy sê dat ons vandag maar oorbegrawe wat die natuurkragte van God twintig jaar gelede klaar begrawe het. Dieselfde natuurkragte het toe 'n paar weke gelede hulle eie werk ongedaan gemaak, sodat ons vandag hier tussen die populierbome staan.

Dit was die jaargety van vallende blare en 'n geleentheid van vallende trane. Ons mense is nie 'n spul ongevoelige heidens nie. Ons sal mekaar beskinder en beprosedeer en 'n ou fonteinwatertjie misgun, maar wanneer ons die woord hoor: „Stof zijt gij”, dan neig ons die kop voor die bors.

Ja, en ons dominee het geglo aan die troostende salwing van trane. Pa kon mos nie huil nie. Daarom het Ouma eenkeer vir hom gesê, toe groot droefheid oor hom uitgesak het: „Jakob, jy sal nog aan droë verdriet doodgaan. Skink 'n paar trane daarvoor, my seun.”



Nou ja, die verhaal van die droefheid oor die sewe mans, het by die Stiebeuelklip begin.

In ons wêreld is dit 'n bekende klip, dié Stiebeuelklip. Hy was nie altyd daar nie en het ook nie altyd hierdie naam gehad nie. Eeue lank waarskynlik het hy bo-op die Vaalrand gelê totdat 'n geweldige storm teen die einde van die jaar 1900 hom daarbo losgeruk en teen die hang van die rand laat afskuiwe het. Hy het op die wal van die droë sloot in Swartlandsfontein se kloof tot rus gekom.

As 'n mens in die kloof op ry, moet jy by die Stiebeuelklip verby. Ek het my altyd verwonder aan die lê daarvan. Hy lê presies op die wal van die sloot, en hy sou nog eeue daar kon gelê het want die wal is die een rotslaag op die ander en kan nie bra verder uitgekalwe word nie. Altans, so het ek gereken.

Met die opry in die kloof loop die sloot aan jou linkerkant. Links kan jy dus nie by die Stiebeuelklip verby nie of jy moet die loodregte walle van die sloot afduiwe. Al raad is regsverby, dit wil sê aan die kant van die steil Vaalrand se voet. Hier is die deurgang ook maar smal, want aan die bokant loop daar 'n klipbank langs. Die Stiebeuelklip het in die storm waarvan ek vertel het, oor hierdie bank afgeval en toe net nog 'n entjie geskuif tot op die wal van die sloot. Tussen die Stiebeuelklip en die klipbank gaan die voetpaadjie langs, net breed genoeg vir 'n perderuiter om deur te ry, maar elke keer klink jou stiebeuels weerskante — aan die hot kant teen die afgerolde rots en aan die haar kant teen die klipbank. Daarom word die rots die Stiebeuelklip genoem.

In hierdie diep kloof kan dit verskriklik donker word. 'n Mens voel altyd maar aardig om in die nag daardeur te ry, maar die kloofvoetpad is so 'n kort pad tussen ons plaas en die plase in Die Hoek dat jy die aardige gevoel op die koop toe neem, want anders moet jy myle ver met die grootpad langs ry. Meer as een nag het ek oor die nek van Die Hoek af teruggekom van 'n dansparty of 'n vryery en dan in die donker kloof afgesak terug huis toe. My perd het die paadjie goed geken. Ek het altyd met slap teuels gery en die perd se padvastheid bewonder. Skuif-skuif en voetjie vir voetjie gaan dit soms die steil afdraand af. Nooit het ou Kolbooi oor 'n los klip gestruikel of my broek in kriebos geskeur nie. As ek dan naderhand die stiebeuelgeklink weerskante hoor, weet ek dat alles veilig is, want daarvandaan is dit net nog 'n entjie en jy is by die oog van Swartlandsfontein. Hiervandaan loop die twee rye spore

was dié van iemand wat stil wou wees, van iemand wat weet sy sou nie verstaan word nie . . . Selfs hoop was 'n pyn; haar oë was troebel, en sy't skaars na my gekyk. DIE VREEMDELING: 'n Paar van die boere daar het my vertel sy het die hele middag op die rivierwal rondgedwaal. Hulle dag sy soek veldblomme . . . Moontlik is haar dood . . .

DIE OU MAN: Niemand kan sê nie . . . Hoe kan mens weet? Miskien was sy iemand van min woorde, en elkeen het die een of ander rede om die lewe agter te laat. In die siel kan mens nie kyk soos in daardie kamer nie. Almal is so — hulle sê doodgewone ou dingetjies, en niemand raai daar is fout nie. Maandelank lewe mens langs iemand wat nie meer van hierdie wêreld is nie, wie se siel nie meer belang hier het nie; jy praat tog nog met haar, en jy sien wat gebeur. Hulle lyk soos marionette, en al die tyd vind so baie dinge in hulle siele plaas. Self weet hulle nie eers wie hulle is nie. Sy't seker net soos die ander gelewe. Tot op die laaste het sy gewone dinge gesê: „Vandag sal dit reent,” of „ons gaan eet; ons sal dertien aan tafel wees,” of „Die vrugte is nog nie ryp nie.” Hulle praat oor die dooie blommetjies, en ween in die nag se stilte. 'n Engel uit die hemel sal dit nie sien nie, en ons verstaan niks nie, totdat alles verby is . . . Gisteraand nog het sy soos haar susters daar in die lamplig om die tafel gesit; en nou sien jy hulle ook anders aan . . . Dis of ek haar nou vir die eerste keer sien . . . 'n Nuwe ding moet in ons alledaagse lewe kom voordat ons dit kan verstaan. Dag en nag is die skaduwee by jou; jy sien hulle behoorlik net as hulle vir ewig weggaan. Watter vreemde sieltjie moes sy tog besit het, 'n ongekende, blanke sieltjie — om die dinge te gesê het, en om so vreemd te handel!

DIE VREEMDELING: Kyk hoe glimlag hulle daar . . .

DIE OU MAN: Niksvermoedend — hulle verwag haar nie vanaand tuis nie.

DIE VREEMDELING: Hulle sit so stil en glimlag. Kyk, die vader hou sy vinger voor sy mond . . .

DIE OU MAN: Dis oor die kind wat by die moeder slaap . . .

DIE VREEMDELING: Sy is bang om te verroer, dit kan hom wek.

DIE OU MAN: Hulle werk nie meer nie. Dis doodstil daarbinne.

DIE VREEMDELING: Die bal wit wol het geval . . .

DIE OU MAN: Almal kyk na die kind . . .

DIE VREEMDELING: Hulle weet nie ander kyk na hulle nie . . .

DIE OU MAN: Ons word ook afgeloer . . .

DIE VREEMDELING: Hulle kyk op . . .

DIE OU MAN: Tog kan hulle niks sien nie . . .

DIE VREEMDELING: Hulle lyk gelukkig, tog is daar iets — ek weet nie wat nie . . .

DIE OU MAN: Hulle dink hulle is buite gevaar. Toe is die deure, en die vensters geslote. Die ou huis se mure is versterk; die swaar deure is aldie op slot. Dis net die onvoorsiene wat nie uitgesluit is nie.

DIE VREEMDELING: Ons moet hulle tog vertel. Miskien kom val iemand sommer met die deur in die huis. Daar was 'n hele skare in die vlei by die dooie meisie — dalk kom klop een van hulle aan die deur . . .

DIE OU MAN: Martha en Maria is by die lykie. Van die mans sou 'n draagbaar maak, en ek het my oudste kleindogter opdrag gegee om ons te laat weet sodra hulle kom. Laat ons vir haar wag; sy kan saam met my ingaan . . . Ek voel aardig dat ons so na hulle moet staan en kyk. Ek dag dit sou maklik wees — ingaan en in 'n paar woorde sê wat gebeur het . . . Maar ek staan al te lank na hulle en kyk . . .

*(Maria kom op).*

MARIA: Hulle kom aan, Grootvader.

DIE OU MAN: O, is dit jy? Waar is hulle?

MARIA: Onder om die draai:

DIE OU MAN: Hulle loop stil.

MARIA: Ek het gesê hulle moet saggies bid. Martha is by hulle.

DIE OU MAN: Hoeveel is daar?

MARIA: Die hele dorpie is in die optog. Party het lanterns gedra — ek het hulle die ligte laat doodmaak.

DIE OU MAN: Watter pad sal hulle vat?

MARIA: Met die voetpaadjie langs. Hulle loop stadig.

DIE OU MAN: Die tyd het aangebreek . . .

MARIA: Het Grootvader hulle al vertel?

DIE OU MAN: Kind, jy kan sien ons was nog nie binne nie. Kyk hoe sit hulle nog in die lamplig. Kyk, kind, kyk na die lewe daarbinne . . .

MARIA: Ag tog . . . dis so vreedsaam daar by hulle. Dit lyk my ek sien hulle in 'n droom.

DIE VREEMDELING: Kyk daar — die twee susters roer!

DIE OU MAN: Hulle staan op . . .

DIE VREEMDELING: Lyk my hulle kom venster toe.

*(Op hierdie oomblik loop een van die twee susters na*

heen en weer in die dwarste gery om te kyk wanneer ek afspoel. Maar ek was toe nog nie daar nie. 'n Hele ent hoërop het ek in die mik van 'n lemoending vasgespoel. Ek het toe maar tot bo geklim en my bas natuurlik laat stukkend steek van die dorings. Daar het ek gewag op die styging of die daling van die vloed.

Gelukkig loop die ou sloot net so vinnig af as wat hy kan volmaak. Toe die dag breek, kon ek afklim. Pa en Ouboet kom toe juis na my toe aangery.

Ouboet het 'n mens se kopbeen in sy hand en Pa 'n mens se skinkelbeen en 'n stuk bandelier.

„O,” sê Ouboet, „dis dan tog nie jou kopbeen hierdie nie!”

Maar Pa vererg hom mos toe oor al die angs wat hy oor my uitgestaan het. Hy haal oor met die bandelier, maar toe die ding my skouers tref, krummel hy uitmekaar.

Dit was 'n aandoenlike begrafnis, dié een wat ons dominee in die kerkhoffie tussen die populiere gelei het . . .

Maar wag, dié storie loop nie heeltemal in 'n kring nie. Dis hier waar hy uitdraai, weer na die Stiebeuelklip toe.

'n Paar weke na die massabegrafnis moes ek weer Die Hoek in ry. Kort voor sonder het ek die kloof op gegaan. Die Stiebeuelklip lê toe dwars oor die sloot. 'n Mens kan nou maklik te perd bo-oor gaan.

Met die terugkom was dit helder maanlig. Weer het ek my verbaas oor ou Kolbooi se vaste gang.

Of ek in die ry aan die sewe burgers gedink het, weet ek nie. Hoe moet ek dit nou nog weet? Julle moenie vir my onnodige vrae vra nie. Ek is hier om vir julle te vertel wat ek gesien het. En my oë makeer niks. Buitendien was dit helder maanlig, soos ek reeds gesê het.

Toe ou Kolbooi se voorysters op die Stiebeuelklip kap, hou ek in om af te klim. Ek wou weer 'n oomblikkie op die ou rots sit en mymer . . . sommer oor Sannie. Waaroor dan anders? Maar met die afswaai van my regterbeen, swaai my oë mos saam in die rigting van Swartlandsfontein se murasies. Ek bly versteen in ou Kolbooi se rug sit.

Ek sien opsaalaanstaltes op die werf. Die ruiters kom na my toe aangery. Agter mekaar ry hulle in die voetpaadjie. Op 'n draai tel ek hulle. Hulle is sewe.

Die perde loop en kopspeel. Die geweerlope blink in die maanlig. Ek sien ruiters met hulle hoede aan die regterkant getoon. Die volstruisvere wuif in die windjie. Op twintig tree van my af sien ek dat die voorste man 'n Vierkleur hooghou.

Ja, 'n Vierkleur.

# Vesting

M. DU TOIT

Die ou man strompel swaar deur die los kluite. Die klam geur staan in dampe om hom. Hy is tevrede. Die land is klaar geploeg en nou gaan hy huis toe.

Anderkant die donker ploegland glim 'n dowwe reghoek lig. Daar sit sy ou vrou by die gedekte tafel, die kerslig op haar yl gryns hare, haar growwe hande oor haar maag gevou. Sy wag rustig dat haar man moet huis toe kom vir sy aandete. Die sop staan en wag in die vuurherd. Die kers flikker in die vensterbank, maar sy laat dit daar vir hom om te sien, 'n dowwe reghoek lig in die donker.

Sy swaar voetstappe klink oor die agterplaas. Die grond om die agterdeur is kliphard van jare se skottelgoedwater. Hy vee sy velskoene af op die kliptrappie en sy maak die deur vir hom oop.

Terwyl hy sy hande was, skep sy die sop in twee gebarste porseleinborde. Sy sit die kers in die middel van die tafel. Dit gooi 'n warm ligkring oor die growwe tuisgemaakte brood en die twee borde dampende sop.

Sy hoor hoe hy die waswater in die slopemmer uitgooi en gaan sit by die tafel met haar elmboë voor haar gestut.

Hy struikel oor die rant van die linoleum by die drumpel en gaan sit oorkant haar. Hulle hoofde buig.

„Segen, Heer, hetgeen wij eten, laat wij nimmer U vergeten, Amen.”

Hulle lepels klink teen die borde.

„Die sop is warm,” sê hy. Hy sny 'n stuk brood en breek dit in sy bord. Slurpend eet hy die dik sop. Die kerslig gooi skaduwees in die holtes van sy slape en wange en die songebrande plooië in sy nek.

„Het jy klaar geploeg?”

„Ja.”

Sy skink twee koppies koffie uit die bruin kan op die stoof. Hy drink syne swart en sonder suiker uit die piering.

Hulle buig weer hul hoofde. 'n Mot fladder in die kersvlam.

„Vader, voor spys en drank seggen wij hartelik dank. Amen.”

Met 'n geknetter brand die mot dood.

Sy pak hulle twee borde en koppies in 'n wit skottel. Die enommel is plek-plek afgespring en die swart kolle sit soos

houtskoolmerke. Sy gooi water uit die ketel oor die skottelgoed.

Hy stop sy pyp en steek dit op. Dan trek hy diep skywe en vat die koerant wat op die riempiesbankie lê. Tydsaam blaai hy dit deur terwyl sy stram vingers sukkel met die los blaaië. Sy lippe vorm die woorde geluidloos.

„Daar is moeilikheid oorkant die see,” sê hy.

„Gods wil geskied.” Berustend bêre sy die skottelgoed en skiet die vuil water oor die onderdeur. Dit plas op die harde grond. Sy maak die deur toe, bêre die skottel en gooi die brood in ’n blik agter die deur.

Sy gaan sit by die tafel en hy strompel na die binneste kamer. Sy hoor hom rondvrotel in die donker en dan kom hy terug met die Bybel. Die leeroortreksel is gladgeslyt en slap van lang gebruik. Hy lek sy vingers nat en blaai tot hy sy merk kry.

„En Paulus het die oë op die Raad gehou en gesê: Broeders, ek het met ’n volkome goeie gewete voor God gewandel tot op hierdie dag.”

Hortend lees hy die hoofstuk klaar. Hulle kniel moeisaam by hul stoele. Sy stram litte kraak hoorbaar. Hy bid lank en onsamehangend vir hulle en hul kinders in die stad, vir hulle oes en die mense oorkant die see.

„... om Christus wil, Amen.”

Hulle staan styf op. Sy neem die Bybel en die kers na die binneste kamer en begin uittrek. Sy hoor die agterdeur oop- en toegaan en weet dat hy uit is. Sy wen die swart wekker op. Dit maak ’n harde krasgeluid. Toe hy terugkom is sy besig om haar yl gryns hare te borsel. Terwyl hy uittrek, vleg sy dit in twee lang vlegsels voor haar ore. Haar dik, growwe vingers beweeg vlug en seker. In die flikkerende lig skiet haar trouing vonke goud.

Sy hoor die bed kraak en blaas die kers dood. Die matras gee mee onder haar gewig. Die skerp reuk van die kers hang in die kamer. Die wekker tik skreiend hard in die stilte.

Hy draai op sy rug en begin snork. Haar asem kom in reëlmatige proesgeluide oor haar los lippe.

Buite spartel ’n tiernot magteloos teen die vensterruite.

# Fernand Florizoone

## ZOMER

*Papavers bergen diepten  
in hun vuur  
kort als de dag.*

*De vlinders bibberen van kleuren  
broos als dauw  
en adem.*

*De stilte bloeit in vogelkelen  
en hangt aan hagewinden  
als vlinderwieken van muziek.*

## ZO ALS IN MEI DE APPELBLOESEM

*Zij trok doorheen de koele morgen,  
de strandpluvier zat in het duin  
zijn jongen veilig te verzorgen.  
Als laken wit lag iedre tuin.*

*Zij beefde in haar pril geluk  
zoals in Mei de appelbloesem.  
— Der vrouwe droom: het stoutste stuk  
uit 't paradijs; 't kind aan haar boezem*

*lief laten pralen — ook zij droomde . . . ,  
haar gave volheid rijpte, groeide,  
tot haar geluk als sappen stroomde  
voor 't kind dat dronk; de moeder bloeide.*

## DE DENNEN

*Er hangt een stiller stilte in  
het kroongebied van oude dennen,  
een donker licht met dieper zin, —  
wat wij in 't eigen hart herkennen.*

*Hun ever green, hun wuivend lied  
een eeuwig land dat ingetogen  
betreden moet om 't wiegelied  
waarin iets, uit de tijd ontvlogen,*

*dat wij vergeefs betrachten, een  
verloren droom van rustig schouwen.  
Bij dennen zijn we niet alleen,  
zij blijven eeuwig de getrouwen.*

## NAJAAR EN DOOD

*Van uit de grauwe verten vliegen ze aan  
de zwanen in een lange lyn. Ze trekken  
naar 't zuiden door. De schuren bergen graan.  
De wind komt stil de laatste blaadren trekken.*

*De nevel smeurt de dag egaal als lood.  
De man, die deze morgen aan het bekken  
een sigaret aanstak, is 's avonds dood.  
De dag gaat toe, de laatste zwanen trekken.*

## GEBORTE

*Ik wist je zwaarder worden nacht  
op dag en stiller, 't dubbel leven  
in uwe ziel heeft ons gebracht  
de kern der liefde te beleven.*

*Toen het uw tijd werd ben ik mee  
gegaan; bij pozen trokken pijnen  
uw ogen tot een starre zee,  
uw handen krampten in de mijne.*

*Dan heb ik niet beseft misschien  
't geluk dat uit uw weeën sproot.  
Ik heb het leven naakt gezien  
hoe 't werd geboren uit uw schoot.*

## HET ZIEKE KIND

*Je hoort de luiken aan  
de gevel manend slaan,  
je slaapt niet in de nacht,  
je vreest, je bidt misschien,  
ja vraagt „waarom?“, je wacht  
en voelt hoe 't zieke kind  
je onweerstaanbaar bindt.*

## KWATRIJNEN

### DE BOOM

*Ik ben de boom die langzaam wast,  
mijn kroon moet jaren vruchten dragen;  
de spechten haamren op mijn bast,  
zij weten diepe wormen knagen.*

### DE SCHELPE

*De schelpen liggen droomverloren  
waar kindren spelend bij behoren;  
een meisje dat de zeelijn koos  
loopt met haar droom als schelpen broos.*



## DE CAVALIERS

*De cavaliers die haarden derven  
staan 's avonds wenkend aan mijn ruit  
als kennen zij mijn durend zwerven  
naar verten, verder zonder buit.*

## HET BLOEIEND WATER

*Het bloeiend water draagt mijn trage schuit  
naar de overkant. Een klare vogel zingt.  
De zomernacht ombult in kuis geluid  
de duizend dingen en een ster verspringt,*

*zij valt verloren in het riet. Nu slapen  
de huizen en het licht, ik zie de dag  
terug, het raderwerk, een kudde schapen,  
de vogels, mensen en een kinderlach.*

*Ik heb mijn kind de hazelaar getoond,  
de witte wolken en het eksternest.  
Een rijp geluk heeft pozend mij bewoond  
als ging ik door een ongekend gewest.*

*Heel even maar, zoals de hommel aan  
de boningbloemen proeft, heb ik gesmaakt  
hoe 't kind met overvloed in een spontaan  
gebaar, mijn vaderhart heeft aangeraakt.*

# Vincent van der Westhuizen

KHOMAS HOCHLAND

*Vanuit my hoë venster  
sien ek die kabbeling  
van veraf purper rante  
tot aan die kim.*

*O duisend, duisend beuwels  
waarteen die wildsbok graas  
versluis in die skadus  
se purper waas!*

*Uit duisend, duisend rimpels  
betrag 'n wateroog,  
verborge, diep en donker,  
die hemelboog.*

*Hoe oud is hierdie wêreld,  
speelgrond van die tyd;  
hier lê 'n klompie graftes  
na die stryd.*

*Hoe jonk is hierdie wêreld,  
hoe vrugbaar en hoe jonk  
as na die somerbuie  
die alwee vonk!*

*Hoe wyd is hierdie wêreld,  
hoe wyd word ook my gees  
hier waar die hoë winde  
sy wond genees.*

*O, dat wanneer ek voor  
die laaste kimme staan  
en weswaarts met die son  
moet ondergaan,*

*dat dit oor hierdie hoogland,  
dié breë hoogland wees,  
dan sal my uitsig wyd wees,  
en so my gees.*

## DIE VERLOËNAAR

(’n Belydenis?)

*En toe het hy sy siter opgehang —  
die aand was ryf, die fees in volle swang,  
die saal was dik met rook en goedkoop swier,  
met saksofoon en trom en trekklavier,*

met tango, rumba, wals en neuriesang —  
toe het hy maar sy siter opgehang

en woordeloos hul vreugde aangehoor.  
Eers het die weersin sterk gestu, maar voor  
dit twaalfuur was het hy sy pyn vergeet  
en selfs hul ritme met sy voet gemeet  
en daarna met sy lyf, en toe hul nooi  
het hy gewillig uit sy hoek ontdooi  
en op hul maat gedans, en toe hul skink  
het hy ook van hul vonkelwyn gedrink  
en een geword met hul musiek en swier —  
toe gryp sy bande self die trekklavier.

En lank en luid was hul applous gewees —  
hy was die heros, meester van die fees,  
hul het hom met 'n bont kalot gekroon  
en ieder keer met mirrebier beloon;  
met elke encore was hul waansin groter,  
met elke toegif was dit wilder note  
totdat die saal, plafon en muur en vloer  
gesidder het van daardie dol rumoer.

Om drie-uur was hul geesdrif uitlawaai  
en iewers buite het 'n haan gekraai.

Die nanag, toe die saal verlate was,  
die skuim gestol in elke leë glas,  
die stoele rondgelê het in wanorde,  
die krummels uitgedor was in die borde,  
die sierpapiere druus, soos na die somer  
verdorde blare sug, het hy, die dromer,  
alleen. Toe waai oor hom die ou verdriet  
soos klanke uit 'n half vergete lied.

Die nag was stil, die vreugde uitgebraak,  
net iewers het 'n deur aneen gekraak.  
Toe baal hy weer sy siter van die muur  
en speel allenig vir die nanag-uur  
'n ou bekende lied vir eie troos,  
'n ou-ou lied, dat alle vreugde broos  
en stondig is, dat elke fees moet end.  
Aan elk van hulle was sy lied bekend,  
en elkeen, in die kamer van sy pyn  
teruggesluit, het deur die swart gordyn  
sy lied beluister. En 'n enkel een  
of twee het oor sy snarespel geweën,  
maar al die ander wat die lied kon hoor  
het luid geswets, dat hy hul rus verstoer.

Toe kom die oggend deur die vensters waai,  
en iewers buite het 'n haan gekraai.

# J. P. Malan

## GEWELD EN LIEFDE

### I

#### VERRAAD

*Wat soek jy, Judas-kind, in hierdie groep?  
Weet jy dan nie die grond is heilig hier,  
hier waar die hart tot hart in afskeid roep  
en liefde oor die haat moet seëvier?*

*Jou vroom gesig kan nie verraad verberg  
wat in jou siel omhoog staan soos 'n berg.  
Kyk na die oë van jou Heer en Vrind  
as bese bande vaster om jou bind.*

*Hy het met hul geëet en ook gedrink,  
gesmaak die liefde tot die laaste stond  
as sterre buite in die donker blink  
en in hom speel die laagheid van 'n hond.*

*En toe hy uitgaan, was dit om hom nag,  
die nag wat nooit verlig word deur-'n dag.*

### II

#### GETSEMANE

*Kyk na die Mens as Hy hier in Sy smart,  
hier in die tuin in donker nag moet ly  
as oor Hom heen die toorn-storm gly  
en in Hom brand die gloed van God so swart,  
swart soos die swartste nagte nie kan wees  
en in Hom van benoudheid krimp Sy gees,  
die bloed in hoë druk deur sweetgat pers  
en gloed van smart Hom op Sy tand laat kners,  
want hier dra Hy alleen die helgeweld  
waar toorn oor Hom brand soos vuur en swael,  
die lewenskrag in Hom laat kleiner smelt  
as Hy die losprys vir die mens betaal.*

*Toe kom 'n engel van omhoog na Hom  
en sterk Hom, uitgeput, in smart verstom.*

### III

#### DIE MENS

*„Kyk na die Mens,” kom die Pilatus-woord,  
hier waar Hy staan kort voor die kruisemoord,  
gedweë soos 'n skaaplamm, stil en stom,  
as mens verneder voor barbaardom.*

„Kyk na die Mens, ek vind in Hom geen skuld.”  
Hy straf Hom enkel om hul ongeduld.  
Hul sien Hom in die purper spottekleed,  
met doringkroon wat in Sy slape vreet.

Hul sien die wonde van die géselslag,  
die leed wat nie hul hart en gees versag,  
die ruwe spot wat dring deur murg en been.

Hul juig en lag gevoelloos daaroorheen,  
want in die kruisdood kon hul wraak verkoel,  
die wraak wat in hul donker harte speel.

#### IV DIE VLOEK

„Sy bloed kom oor ons en ons kinders, hoor!”  
so roep die wrede manne uit in koor,  
want in hul het die wraak na bo gekook  
en jaloesie in hul gemoed gespook  
as Hy sagmoedig soos 'n lam hier staan,  
Sy oog hul jammerhartig gadeslaan  
en uit Sy hart miskien die bede styg:  
„Vergeef hul, want hul weet nie wat hul dreig.”  
Die onskuldbloed het van die kruis gevloei  
vir hulle wat die offer wil aanvaar  
en deur Hom het die smaad en smart gegloei  
vir hom selfs aan Sy sy, 'n moordenaar.  
Maar oor hul koppe hang Sy onskuldbloed  
waarvoor hul twintig eene nou al boet.

#### V DIE KRUIS

Hy dra die smart geduldig aan die kruis,  
hier aan die skandpaal waar die spotters staar  
en na Hom wys hul klein gebalde vuus  
as wraakgedagtes deur hul harte vaar.

Ook hier doen Hy Sy reddingswerk getrou.  
„Jy sal met My wees in My huis netnou.”  
Dit is die siel wat redding by Hom soek  
wyl ander rasend om Hom skel en vloek.

Drie lange ure hang oor Hom die mag  
van godverlatenheid se vrese-nag,  
die nag waarin Hy worstel met die las  
alleen en arm soos Hy nooit nie was.

„Dit is volbring!” Die prys is klaar betaal  
en oor Hom skitter vol 'n sonnestraal.

VI  
DIE DOOD

*Hy rus in bande van die dood gevang,  
in donkerheid waardeur die lig nie straal,  
waar sterk die bose magte oor Hom hang  
om hier die eindoorwinning te behaal.*

*Hy slaap die rus waar lyding nie meer byt,  
waar diep vernedering fel oor Hom lag  
as ruwe manne oor Hom hou die wag  
en by Hom stilstaan ook verloop van tyd.*

*Maar, Dood, jou bande is nie sterk genoeg!  
Hier word die hel se magte netnou moeg  
en word jy in jou stoere krag verslaan  
deur mag wat rus, maar nooit nie kan vergaan.*

*En kyk, die bande breek soos garedraad  
vir hierdie stille Mens van Smart en Smaad.*

VII  
DIE SEËTOG

*Die bose magte trek hul ver terug  
voor hierdie mag wat selfs die dood nie bind,  
maar soos die wagers skrikbevange vlug  
op vleuels van die sagte oggendwind.*

*Hoe jammer het hul kragte hier gefaal,  
hier in die poorte van die hel en dood?  
Hoe arm staan hul veraf soos verdwaal  
in dieptes van die nederlaag gestoot?*

*Triomf! Triomf!! Dit is vir goed verby,  
hier waar die Held van alle tye stry.  
Jou angel, Dood, jy het dit hier verloor.*

*Hoor jy, hoor jy daar bo die geestekoor,  
die roemlied wat in hemelsale tril?  
Hy het die roemtaal van jou mond gestil!*

VIII  
RABBOENI

*Maria in haar trou  
staan by die graf en ween.  
Sy buk al nader heen.  
In haar is groot die rou.*

*Haar trane-oog aanskou  
twee engele gekleed  
in wit wat ken haar leed.  
„En waarom ween jy, vrou?”*

Haar bande saam geslaan  
oor heerlikheid voor haar  
bly sy verrassend staar  
en kan dit nie verstaan.

Die vrou kry moed en spreek:  
„Hul het Hom weggeneem  
en Hom van my vervreem.  
Waar is Hy nou versteek?”

Sy draai haar om en kyk,  
want by haar staan 'n heer  
met oë sag en teer  
wat nie van haar af wyk.

„Wat ween jy, liewe vrou?  
Wie soek jy hier so vroeg?”  
Die tuinier, dink sy moeg  
wat haar verdriet aanskou.

„Meneer,” spreek sy hom aan,  
„Het u Hom weggedra  
en waarheen, mag ek vra?  
Ek neem Hom hiervandaan.”

„Maria!” kom die stem.  
„Rabboeni, Meester, ag!”  
Hy het vir haar gewag.  
Haar bande vas omklem.

Haar oë lag verheug.  
„Raak My nie nou al aan.  
Ek moet na boontoe gaan:  
My Vader en Sy vreug.

„Gaan na My broers in rou,  
vertel hul van My lot.  
Ek vaar op na My God,  
jul God en Vader, vrou.”

Kyk daar, die vreugde-lag.  
Sy het haar Heer gevind,  
juig sy by broer en vrind  
waar hulle na Hom smag.

# Klassisisme, Opvoedkunde En Taalwetenskap

G. J. LABUSCAGNE

## II

*Klassisisme gebaseer op 'n regstreekse kennis van Latyn*

Dit is bekend dat die moedertaalonderwys in geen land aan sy doel beantwoord nie. Die skool slaag nou maar eenmaal nie daarin om die leerling sy moedertaal te leer nie. Die klassisisme wat op 'n regstreekse kennis van Latyn gebaseer is, het hierdie mislukking uitgebuit en hulle doen dit nog met die slagkreet: dit is omdat die skooljeug nie meer Latyn leer nie. Vandag weet ons waar die fout lê, t.w. by ons grammatikastelsel, ons begrip van die taal en ons ondersoekmetodes, m.a.w. ons hele benaderingswyse van die taal en 'n besondere taal. Dit is nie hier net 'n kwessie van verskil van mening nie, agter alles sit daar een groot waarheid: ons huidige benaderingswyse is nie gebaseer op wetenskaplike kennis nie, maar op verspreide filosofiese kommentaar oor taal. Die wese van die taal en sy besondere verteenwoordigers was nog nooit die studievowerp van die taalwetenskap nie. Ons weet heel min van die samehang van die taalmateriaal in Afrikaans. Vra ons na die oorsaak van ons foutiewe benaderingswyse, gaan ons oë 'n bietjie oop, want niemand anders is te blameer as die klassieke self nie. Taalgeleerdes en onderwysers het die Latynse grammatikastelsel wat ook net vir 'n taal op papier uitgewerk is al in die Middeleeue gaan oordra op die gesproke moedertaal. Dit het ontstaan toe die Middeleeuse Latyn sy roem as internasionale taal begin verloor het en daar van die volkstaal gebruik gemaak moes word. Die enigste bestaande grammatikastelsel was die Latynse (en Griekse) en die volkstaal word „op den voet nae der Grieken en Latijnen beschreeven” en vandag nog het ons 'n Afrikaanse en „Nederduytsche Grammatica . . . na de manier der Grieken en de Latijnen beschreeven,” hoewel ietwat gewysig. Toe ons jeug nie hulle moedertaal met hierdie stelsel kon leer nie, toe sê die klassisiste dat die gebrekkige kennis van die moedertaal toegeskryf moet word aan die verdwyning van Latyn uit die skoolleerplan. Ek het reeds *Die Transvaler* van 16 Julie 1955 aangehaal om dit te bevestig. Die foutiewe gramma-



tikastelsel het twee klassisistiese vertakkings: (i) die foutiewe wat voortgekom het uit die klassieke logika, en (ii) die foutiewe wat voortgekom het uit te veel of net kennis van Latyn.

As ons daaraan dink dat die klassieke grammatikastelsel die enigste stelsel was wat destyds gebruik kon word, moet ons sy voortbestaan as 'n onvermydelike saak aanvaar, hoewel ons ons taalgeleerdes dit darem nie kan verskoon dat hulle tot hede toe nog weinig daaraan gedoen het nie. Wat ons veral afkeur, is die bewuste propagering van Latyn en alles wat klassiek is. Lees die volgende: „... there are still a few who believe that all the human knowledge of humanity which a mortal can absorb is obtainable through Greek and Latin. 'Do you really mean to tell me', remarked a well-known Classical don at a luncheon table recently, 'that you consider instruction in a modern language to be a public service? Dear me! How interesting! ... How interesting!'"<sup>1</sup> 'n Paar bladsye verder sê *Peers*: „In the old days it used to be said that the only people who had a profound knowledge of English language and literature were those who had devoted their lives to a study of Latin and Greek”. *Peers* se „old days” is taamlik jonk te oordeel na die aangehaalde hoofartikel van *Die Transvaler*.

Die taalwetenskap se hele uitgangspunt is deesdae: as Afrikaans geken moet word, moet die taalgeleerdes *hom* uitmekaar haal sodat ons kan sien hoe *hy* inmekaar sit en sodat ons *hom* kan leer. En nou sê die taalwetenskap verder dat as die taalgeleerdes nog nie in staat is om Afrikaans uitmekaar te haal nie, hulle nie die probleem moet ontvlug nie deur te sê: gaan leer Latyn of voer Nederlands op skool in, wetende dat die Nederlandse taalgeleerdes Nederlands ook nie uitmekaar kan haal nie en dat die Nederlandse jeug hulle met Nederlands in dieselfde penarie bevind as die Afrikaanse jeug met Afrikaans. Daar sit geen logika in sulke ontvlugtings nie.

Dat dit slegs die klassisiste is wat hulle eie moedertaal kan ken, word 'n bietjie omver gewerp deur gevalle soos dié van *dr. Johnson*. *Dr. Johnson* was ook een van daardie mense wat net in die klassieke geglo het, want, so vertel *Ballard* ons,<sup>2</sup> die *Grammar of the English Tongue* wat *Johnson* in die voorwoord van sy woordeboek opgeneem het, „was a little more than a broken reflection of a Latin Grammar”, want dit was nog in die tyd toe „(it) was the

1 *Peers*, „*New Tongues*”, bl. 1.

2 *Ballard*, *Teaching and Testing English*, bl. 91.

3 *Ballard*, *Teaching and Testing English*, bl. 91.

Latin Grammar (that) determined how it (English) should grow and where it should stop.”<sup>3</sup> *Cobbett* vind toe in *Johnson se Lives of the Poets* omtrent tweehonderd grammatikafoute en *Johnson* moes in sy *The Rambler* self omtrent sesduisend foute regmaak voordat die werk in bundels uitgegee kon word.<sup>4</sup> *Valentine* beklemtoon ook hierdie feit: „The still unsatisfactory condition of the study of English language and literature is widely admitted. Those who argue that the teaching of Latin produces a good English style might do well to examine the English compositions of the average youth who has had a full school course in Latin. University authorities and business men are agreed at least in this, that in a large proportion of cases boys who have just left school cannot express themselves with accuracy and clearness. When essays are to be written on literary subjects, the poverty of ideas is probably more marked than the inadequacy of language”.

Omdat die struktuur van Latyn en bv. Afrikaans so verskil van mekaar, kan die kennis van die een niks bydra tot die ken van die ander nie. Ooreenkomste wat daar mag bestaan, is bloot interessant, en daar hou dit op. Dit sal die *skoolleerling* nie beter Afrikaans laat gebruik nie. Ons het baie woorde in Afrikaans wat uit Latyn afkomstig is, maar ’n besondere taal is nie net woorde nie. Dit is ook sintaktiese skema en intonasie.

Ons wil eers ’n paar argumente van algemeen opvoedkundige belang bekyk.

*Buitengewone bekwaamheid as gevolg van die onderrig in die klassieke.*

Dit is ’n baie gewone argument dat diegene wat in die klassieke onderlê is, in die lewe presteer. Baie mense wat in die openbare lewe opgang gemaak het, het wel die klassieke bestudeer. Dit spreek vanself as ons in die gedagte hou dat dit gewoonlik die uitstaande leerling is wat spesialiseer in vakke soos die klassieke en wiskunde. Dit is twee moeilike vakke en slegs die voorbokke hou vol. Maar omdat die persoon reeds genoeg durf gehad het om die klassieke aan te pak, is dit nie die klassieke wat van hom die potensiële volksleier gemaak het nie. Die studie van die klassieke bewys dus hoegenaamd nie dat hierdie persone slegter in die lewe sou gepresteer het as hulle leergang nie die klassieke ingesluit het nie. Omdat dit gewoonlik die leerling is met die hoër intelligensie, uit die beter omgewing en uit die hoër sosiale status wat die moeilike klassieke aandurf is hy vanselfsprekend ’n gekeurde leerling. En as hy nou

<sup>4</sup> *Ballard, Teaching and Testing English*, bl. 91.

bv. aan die universiteit moet meeding met leerlinge wat nie die klassieke gehad het nie, moet hy beter presteer, maar dis nié die Latyn wat hom beter laat presteer nie — hy was beter voordat hy Latyn bestudeer het. *Sir Richard Livingstone* noem dan ook in sy *Defence of Classical Education* die feit dat hierdie studente beter presteer, selfs in Skeikunde, maar as ons die vlak gelyk bring en Latyn teenoor 'n ander taal gaan stel, m.a.w. as ons dan die kern van Latyn teenoor die kern van 'n ander besondere taal gaan stel, selfs twee kerns wat taamlik verwant kan wees, dan vind ons iets totaal anders. Stel Frans of Spaans teenoor Latyn. Baie woorde kom ooreen, maar woorde is nog nie 'n taal nie. Daar is nog so iets soos sintaksis ook, en dan het ons die volgende bewys: „Students who have studied Latin and then French or Spanish have an advantage at the beginning of the latter study over students who come to French or Spanish without any knowledge of Latin. However, this advantage lasts for only about one Semester. After that both the Latin and non-Latin students are equally well in the study of modern languages.”<sup>5</sup> Dit is weer vir ons 'n bewys dat mens die inherente van 'n besondere taal wat verskil van die inherente van Latyn slegs kan ken as mens die inherente self van daardie taal leer. Die parallel wat daar altyd getrek word tussen die leerlinge van die oorsese gimnasiums (vir die klassieke) en die ander skole, bv. die Duitse Ober-Realschule is dus 'n oneweredige parallel. *Guy Kendall* staaf uit: „the classical side contains most of the entrance scholars and other 'brainy' boys, whereas there is a tendency to make the modern side into a sink”.<sup>6</sup>

Die argument wat dan gebaseer is op die voortreflikheid van persone wat onderrig in die klassieke gehad het, is dus nie gestaaf nie omdat die invloed van keuring nie bygereken is nie. *Valentine* skerts 'n bietjie as hy sê: „As a successful teacher of Latin once said to me, if the height and chest measurements of boys of 17 who had studied Greek were taken, they would probably be appreciably greater than those of the average of all boys of the same age!”<sup>7</sup>

Benewens wat gesê is, moet ons ook rekening hou met die studie van Grieks en Latyn net tot by die Matrikulasie en die gevorderde studie aan die universiteit. Hoeveel matrikulante gaan universiteit toe en hoeveel gaan voort met die klassieke?

5 L. W. Webb, *Transfer of Learning*, bl. 531 in *Educational Psychology*, edited by Charles E. Skinner, 3rd edition.

6 *Guy Kendall, A Schoolmaster Remembers*, bl. 286.

7 C. W. Valentine, *Latin, its Place and Value in Education*, bl. 30.

### *Die klassieke verhoog algemene kultuur.*

Tot by die matriek worstel die leerling nog met die Latynse taal, gevolglik kan dit slegs die afgestudeerde klassikus wees wat kan baat vind by die klassieke kultuur. As die leerlinge net tot by matriek gaan, sal hy nie meer kultuur „versamel” uit ’n kursus in die antieke geskiedenis en ’n paar vertalings nie? *Sir Richard Livingstone* beweer dat die afgestudeerde van die universiteit Oxford „has no connected view of the Greek and Latin literatures, and that if you asked him in what their genius consisted, and what was their contribution to the world, he would give either no reply or a very inadequate one.”<sup>8</sup> *Valentine* beweer die volgende: „Many know from experience... that it is possible for a boy to go through the usual six or seven years’ Latin course of a grammar school and to possess at the end of it less knowledge of classical institutions, art, or mythology than could be obtained in as many months through the study of the same subjects in English”.<sup>9</sup> Slegs die gevorderde student kan van die oorspronklike gebruik maak, en hoeveel word gevorderde studente? Die gewone skoolleerling kan die getroue oorspronklike skaars vertaal wat staan nog met ’n kultuurhonger waardeer? Daar word ook gesê dat dit hoogstens die estetiese waarde is wat aangetas word deur vertalings, maar dat algemene kennis van die geskiedenis en die karakteristieke idees van die Grieke en die Romeine tog deur vertalings bereik word. Deur ’n vertaling kan mens sien watter soort mense die Grieke en Romeine was en ek weet self van klassieke studente wat veel meer op vertalings staatmaak vir ’n goeie kennis van die antieke wêreld as op die studie van die oorspronklike.

Die klassieke denke kan ons veel leer omtrent ons probleme en dié van ander volkere. Maar hoeveel van ons skooljeug bemoei hulle met volksprobleme, sowel ons eie as die van ander volke? Sien mens die saak so dan word duidelik „the absurdity of spending so much time over ancient foundations’ which, in most cases, are never to be built upon”.<sup>10</sup> Daar is klassici wat van mening is dat kennis van die antieke slegs deur die studie van die oorspronklike bereik kan word en dat die Weste slegter daaraan toe sou gewees het as ons nooit van Griekeland of Rome gehoor het nie. As teenvoeter kan mens vra wat van die godsdiens sou geword het as ons nooit van Palestina gehoor het nie —

<sup>8</sup> *Sir Richard Livingstone, A Defence of Classical Education*, bl. 253.

<sup>9</sup> *C. W. Valentine, Latin, Its Place and Value in Education*, bl. 33.

<sup>10</sup> *C. W. Valentine, Latin, Its Place and Value in Education*, bl. 37.

„yet who suggests that the English translation of the Bible is inadequate for the average schoolboy?”<sup>11</sup>

As die universiteitstudent in die klassieke wil studeer, kan hy die klassieke slegs bestudeer deur die klassieke te bestudeer en dan ook nie deur vertalings nie. Die beswaar skyn egter te wees teen die maklike veralgemenings van die waarde van die klassieke, bv. dat wie nie die klassieke bestudeer het nie, nie in die lewe sal kan presteer nie of dat sy kulturele ontwikkeling uit die staanspoor uit gekortwiek is. Dit is die *klassisme* wat spreek. Hierdie tipe veralgemeening wat afwyk van die studie van „die klassieke om die klassieke,” hierdie oorskatting van die waarde van die klassieke vir diegene wat geen begeerte het om self klassikus te word nie, en ons voeg nou vakke soos die Regte, die Teologie, ens. by, gee ons mooi die verskil tussen egte en onegte waardes.

#### *Latyn as middel tot die onderrig van die estetiese.*

Hierdie argument ten gunste van die studie van die klassieke moet, net soos die vorige argumente, in twee verdeel word, t.w. (a) die argument ten gunste van die estetiese aan die klassieke self, en (b) die argument ten gunste van die begrip van die estetiese aan ander moderne letterkundige produkte as gevolg van die begrip van die estetiese aan die klassieke produkte. Hierdie tweede argument sien dus argument (a) as sy hefboom, m.a.w. die begrip van die klassieke estetiese moet die begrip van die estetiese buite die klassieke vergemaklik.

Dosente in die klassieke is van mening dat die studie van Latyn sonder Grieks die argumente ten gunste van die onderrig in die estetiese van die klassieke heelwat verswak. En hoeveel leerlinge neem beide? Nog 'n vraag is hoeveel aandag kan die skoolonderwyser in vier jaar (st. 7-10) wy aan die skoonheid van woorde as die leerling se tyd byna geheel en al in beslag geneem word deur die poging om die tegniek van Latyn te bemeester? *A. C. Benson* sê dat selfs *Alice in Wonderland* „could only prove a drearily bewildering book, if read at the rate of twenty lines a lesson, and if the principal parts of all the verbs had to be repeated correctly”.<sup>12</sup> Nog 'n vraag is op watter leeftyd ontwikkel die leerling 'n gevoel vir die estetiese? Die matriekleerling kan miskien by die deurlees van 'n Afrikaanse gedig sê dat dit vir hom mooi is, maar heel selde kan hy dit rasioneel verantwoord. Dit is van belang vir argument (b) hierbo,

11 *C. W. Valentine, Latin, Its Place and Value in Education*, bl. 39.

12 *A. C. Benson, Cambridge Essays on Education*, bl. 45.

want as die leerling skaars kan sê waarin die skone lê, hoe kan hy 'n ander letterkunde aan daardie estetiese momente meet? Ons verwag nou van die skoolleerling om kritikus te word. As ons net 'n aanvoeling vir die estetiese wil ontwikkel, maak nie saak vir watter voorwerp nie, kan ons seker meer bereik deur kuns of so iets te doseer. Die estetiese word weinig aangevoel as daar nog met die vertalings geswoeg word. Gevolglik is dit slegs die gevorderde universiteitstudent wat daarby sal baat. En hoeveel bereik daardie gevorderde stadium? Nou kan daar gesê word dat die gevorderde student êrens in sy skoolloopbaan met Latyn moet begin. Dit is waar en ons sal graag wil sien dat hy daardie geleentheid gegee word. Ongelukkig word daar nie gesê nie: kyk, as julle aan die universiteit in die klassieke wil gaan studeer en die estetiese van die klassieke dan wil waardeer, moet julle nou op skool die geleentheid te baat neem om klaar te swoeg met paradigmas en vertalings sodat julle later die klassieke tale vlot(ter) kan lees. Nee, die argument lui gewoonlik so: of julle nou die klassieke as hoofvak aan die universiteit gaan neem al dan nie, as julle nie op skool Latyn leer nie, sal julle nie die estetiese aan die klassieke leer ken nie en met daardie armoede is die estetiese van julle eie letterkunde vir julle 'n geslote boek. Dit sluit aan by die argumente dat die klassiekarmoediges nooit in die lewe sal presteer nie en dat hulle geen kultuur sal hê nie. Ons moet die woorde van *Peers* se „classical don” onthou: „do you really mean to tell me that you consider instruction in a modern language to be a public service? . . .” Dit is hierdie tweede soort argument wat die verskil van mening veroorsaak.

Klassici beweer self „there is very little in either Greek or Latin which appeals to an immature taste”.<sup>13</sup> En nou is die vraag waar hou die „immature taste” op skool op en as die „immature taste” ryp geword het wat van die volgende?: „I should say that far more tears are shed by boys over the obscurities than over the beauties of Vergil; and more still over the dullness of Caesar”.<sup>14</sup>

Met argument (b) waarmee ons hierdie afdeling begin het, kom ons weer by die klassisisme uit, want as die klassici kan bewys en daarvan oortuig is dat die studie van die klassieke al op skool die estetiese aan die klassieke kan bereik, dan voel ons bly vir hulle part en laat die leerling maar nie weet dat hy gaan worstel met die „obscurities van Vergil” en die „dullness van Caesar” nie. Ek het hier

13 A. C. Benson, *Essays on a Liberal Education*, bl. 111.

14 C. W. Valentine, *Latin, Its Place and Value in Education*, bl. 51.

maar net die menings van klassici weergegee oor die moontlikheid of die skoolleerling al by die estetiese van die klassieke kan uitkom. Hier kan ek nie 'n mening uitspreek nie, want as onnosele leerling voel ek soos Byron (en Tennyson) oor die saak:

Then farewell, Horace; whom I hated so,  
Not for thy faults, but mine, it is a curse  
to understand, not feel thy lyric flow to  
comprehend, but never love thy verse.

Vir argument (b) moet ons party keer argumenteer vanaf die menings van klassici wat beweer dat die skoolleerling weinig of ooit by die estetiese aan die klassieke uitkom, en party keer weer vanaf die menings dat die skoolleerling wel (maak nie saak in watter mate nie) by die estetiese van die klassieke uitkom.

W. H. S. Jones beweer dat „more style could be learnt from a book of Homer than from a book of equal size in any other language”.<sup>15</sup> Ons sal nou nie Benson se mening hierteenoor oorweeg nie dat „there is very little in either Greek or Latin which really appeals to an immature taste”, maar eers 'n bietjie gaan let op die woord *styl* wat Jones hier gebruik want dit gaan ons help om ander argumente ten gunste van Latyn te begryp, bv. die argumente wat gebaseer is op „harsingsgimnastiek” en die oordrag van kennis.

Oor styl is al baie geskryf, maar laat ons dit sien teenoor die ken van die kern self van 'n besondere taal. Ons hoor van mooi styl, lelike styl, stokkerige styl, individualistiese styl, en so meer, maar ek is bevrees dat die letterkundiges ons aandag met hulle interpretasies van styl 'n bietjie afgetrek het van die taal, m.a.w. die middel waarmee styl bereik word. Dinge soos mooi styl, beteken mooi hanteer van die taal as instrument, maar hierdie mooi en lelik vir die hoorder/leser is geklassifiseerde *abstraksies* en ons vergeet dat daar iets moet wees wat die abstraksie moet dra, m.a.w. waarvan geabstraheer word. As ek praat van 'n mooi of lelike perd, dan is dit 'n geabstraheerde ervaring van die perd, maar nou is die vraag nog: wat maak daardie perd 'n perd, en is dit nie iets soos die balans van die dinge wat van hom 'n perd maak waarvan ek die mooi of die lelik van die dier abstraheer nie? Allereers moet ons die struktuur (die wese) van 'n perd hê voordat ons die mooi of die lelike kan hê. Die taal verskil egter van hierdie parallel in een belangrike opsig, t.w. dat ons die struktuur van die taal

15 W. H. S. Jones, *The Teaching of Latin*, bl. 17.

self hanteer om mooi en lelik te bewerkstellig. Met die struktuurpotensialiteite van die taal bereik ons 'n struktuur waarvan gesê kan word dat dit mooi of lelik is. Maar as ons nie daardie struktuurpotensialiteite ken nie? Dit is die geval met die persoon wat maar 'n swak kennis van 'n besondere taal het. Van hom kan nog nie verwag word om al 'n goeie styl te gebruik nie. Dit is duidelik wat ons sal dink van iemand wat sou vra om 'n goeie styl van Afrikaans aan te leer sonder om die taal self aan te leer. Ons sal vir hom lag. Die waarheid is dus heel eenvoudig, maar ons filosofeer daarvan af weg. En hierdie waarheid is dat styl (hetsy simmetries, hetsy individualisties, hetsy lelik) die resultaat is (nie terwille van die saaklike of personale mededeling van feite nie), van 'n oordeelkundige aanwending (hetsy terwille van simmetrie, hetsy terwille van ekspresionisme, ens.) van die potensialiteite van die basiese struktuur van 'n besondere taal sonder om die wetmatighede van die basiese struktuur skade aan te doen. Styl is dus 'n spelletjie (terwille van simmetrie, ens.) met die basiese struktuur van 'n besondere taal en daarom kan styl geen spelletjie met die basiese struktuur speel wat laasgenoemde nie wil toelaat nie. Ons kan nie terwille van styl gaan sê *kat die op tafel die* nie! Slegs as ons bv. die volgende rangskikkingspotensialiteite ken: *môre* kom Jan en Jan kom *môre*, kan ons die een of die ander by ander rangskikkings voeg om mooi of lelik te bewerkstellig. Uit die resultaat van die verskeie aanwendings van die potensialiteite van die basiese struktuur (kortom van wat Afrikaans toelaat of nie toelaat nie of wat Afrikaans is en wat hy nie is nie) kan ons nou dinge soos mooi of lelik abstraheer. In die sin: *deur die voorsitter is gesê dat ons meer verlov sal kry, deur die bestuurder dat ons meer geld sal ontvang en die sekretaris het gesê dat ons meer werk sal kry*, word die simmetrie (van passiewe konstruksies) opgehef, lelik gemaak deur die afsluitende aktiewe konstruksie, alhoewel die mededeling van die saaklike feite in die haak is — nie een van die drie sinne is onafrikaans nie. Aktiewe en passiewe konstruksies is twee potensialiteite wat tot die Afrikaanse basiese struktuur behoort, maar hier is die twee potensialiteite onsimmetries bymekaar gebring en daaruit abstrakeer ons gevoel vir die simmetrie dat die styl lelik is, m.a.w. die spel van rangskikking van die struktuurpotensialiteite van Afrikaans. As ons die struktuurpotensialiteite van 'n besondere taal nie ken nie, kan ons nie kies ter wille van styl nie, en daaruit lei ons af dat 'n studie van styl en 'n stylspel nie



kan plaasvind sonder eers 'n studie van die potensialiteite van die basiese struktuur van 'n taal nie, want dan gaan Piet of Koos reken dat hy mooi skryf as hy sê *kat die op tafel die*. Dit is alles elementêre kennis, maar ons het net vergeet om die hierargie te bepaal en om daarvolgens te studeer. En daarom pleit ek nog altyd daarvoor dat die basiese struktuur allereers bestudeer moet word — die basiese struktuur wat ons maar nie kan identifiseer en in patrone rangskik nie omdat die metode daarvoor nog altyd ontbreek het.

Omdat die potensialiteite van die basiese struktuur van Latyn verskil van dié van Afrikaans is die oordeelkundige aanwending van die Latynse struktuur ter wille van styl (en estetika) nie 'n faktor wat kennis gee van wat die Afrikaanse basiese struktuur is en hoe dit ter wille van styl aangevend kan word nie. Die basiese struktuur mag op bepaalde punte ooreenstem (selfs Afrikaans en Bantoe kan ooreenstem), maar dit sal 'n intensiewe vergelykende studie vereis om te verklaar wanneer hulle nié ooreenstem nie. Dit hoort nie by die skoolleerling tuis nie.

Ons bespreek dit later breedvoerig, maar kyk maar hoe 'n Engelse styl lyk as die potensialiteite van daardie taal se basiese struktuur verwar word met dié van Latyn, m.a.w. wanneer die oordra van laasgenoemde se potensialiteite op Engels *ongeeoorloof* is, d.w.s. klassisisties: „Even as grammar and divinity are two diverse faculties and cunnings, and therefore are . . . and each of them *hath his proper to him bounds and marks . . .*”<sup>16</sup> (kursivering van my). Margaret Schlauch sê van hierdie vreemde Engelse uitdrukking: „today we should consider it impossible to thrust a modifying phrase between ‚his’ and the word it limits. But the phrase was so handled by Pecock, no doubt because he was thinking of the Latin *finis sibi proprias*”. Ons weet ook hoe onafrikaans 'n Nederlandisme soos die volgende klink: *die deur my hierbo aangehaalde reëls*.

Homerus se styl kan mooi wees as Homeros se styl en ons sal hom graag wil bestudeer om sy hantering van die basiese potensialiteite van sy taal te ontdek (maar hoe goed moet ons nie eers sy taal ken voordat ons dit kan ontdek nie?), maar Homeros se hantering van sy taal se potensialiteite gaan my nie leer om my taal se potensialiteite te ken nie, of, al ken ek dit al, om dit te hanteer nie. Ek herhaal my argument: daar word nie beweer dat dit klassisisties is om Homeros om Homeros te bestudeer nie, maar dat dit wel 16 *Pecock aangehaal deur Margaret Schlauch, The Gift of Tongues*, bl. 218.

klassisisties is om te sê dat Homeros my iets anders as Homeros sal laat ken. En daar is net één rede waarom ek die klem so sterk hierop laat val: ons was nog nooit in staat om die basiese struktuur van Afrikaans te agterhaal en positief te verklaar nie, gevolglik kon ons ons skoolleerlinge nog nooit die kern van Afrikaans leer nie en gevolglik is alle ontvlugting van hierdie verantwoordelikheid en verbloeming van hierdie tekortkoming van die taalwetenskap nie goed te praat nie, en as sommige beoefenaars van die taalwetenskap nie wil erken dat hulle dusver gefaal het nie, het hulle hulle literatuur sleg bestudeer. Maar miskien gaan dit met hulle soos met Te Winkel wat wel op hoogte van sake was, maar wat nie wou of nie kon meeleeft nie. Dit is miskien nie hier ter sprake nie, maar as ons in die gedagte hou dat die taalwetenskap nou opnuut gebou word om hierdie tekortkominge te bowe te kom, kan ons tog vra hoeveel taalkundiges help bou daaraan? 'n Buitelandse taalwetenskaplike het een keer beweer dat die taalwetenskap 'n punt bereik het waar sy beoefenaars nie groot is weens hulle vermoë om te ken en te herhaal wat ander gesê het nie, maar in die mate waarin hulle bou aan die outonomie van die taalwetenskap. Om te beweer dat ons Afrikaans nie ken nie omdat ons nie Nederlands of Latyn ken nie, is om die outonome en die harde arbeid van die taalwetenskap te ontvlug.

Soms is dit ter wille van 'n goeie begrip van 'n klassieke taal nodig om baie letterlik te vertaal, en die vraag is al gestel of hierdie gewoonte nie die gebruik van die moedertaal beïnvloed nie. As dit wel die geval is, het dit geen sin om een doel te bereik ten koste van 'n ander essensiële saak nie. 'n Verslag van die inspekteurs van die Engelse *Board of Education* vestig egter die aandag op hierdie invloed wat die studie van die klassieke kan hê op die kern en die styl van Engels.

A. E. Housman is van mening dat die klassieke weinig daartoe bydra om die Engelse styl te verbeter. Hy sê „as a rule the literary faculty of classical scholars is poor and sometimes worse”.<sup>17</sup> *Valentine* wat die student in die klassieke in hierdie verband probeer verdedig, vra of *Housman* al die Engels van studente in die wetenskap gelees het. Wat ook al die uitslag van *Housman* en *Valentine* se ondervraery van mekaar mag wees, ons wil weet hoekom die klassieke dan nie die Engels van 'n student in die klassieke beter as die wetenskapstudent s'n gemaak het nie? Die student in die

17 Aangehaal deur C. W. *Valentine, Latin, Its Place and Value in Education*, bl. 43.

klassieke kan miskien beter woorde se oorsprong verklaar as ander studente, maar woordverklaring is nog nie *taalgebruik* nie. Ons praat nie al woordverklarend nie, en die Latynse woorde wat ons daaglik gebruik, ken ons deur ons taalervaring.

*Valentine* noem 'n saak wat ook op ons betrekking het: „But it is scarcely necessary to labour this point as to what aesthetic training can be got from Latin, when the literature of English and of the modern language selected, and the history of art and music, are so incompletely studied at school”.<sup>18</sup> Geleerdes in die Engelse letterkunde verklaar in die *Departmental Committee on the position of English in our Educational System* dat hulle „do not believe that those who have not studied the classics or any foreign language must necessarily fail to win from their native English a full measure of culture and humane training”.<sup>19</sup>

18 *C. W. Valentine, Latin, Its Place and Value in Education*, bl. 44.

19 Verslag oor *The Teaching of English in England*, bl. 18.

# Boekbespreking

STIJN STREUVELS, deur André Demedts. (Elsevier, Amsterdam 1955).

'n Reeks boekies onder die gemeenskaplike titel *Prominenten* verskyn in Nederland onder redaksie van dr. R. F. Lissens, dr. T. H. Luykx en prof. dr. H. Uyttersprot. Daar het alreeds sewe titels in die reeks verskyn w.o. *Erasmus* deur dr. Gilbert Degroote; *Shakespeare*, deur dr. W. Schrickx; *Vondel* deur dr. J. Noë en *Ibsen* deur dr. A. Bolckmans. Die bundeltjie oor *Stijn Streuvels* is versorg deur André Demedts.

Die lees van hierdie boekie was louter genot. Sonder om die leser te vermoei met 'n relaas van letterkundige feite en wetenskaplike ontledings gee André Demedts 'n ewewigtige en aangrypende beeld van die mens en kunstenaar Stijn Streuvels. Sy bespreking bly deurgaans waarderend en openbarend. Hy beklemtoon die noodwendigheid en daarom natuurlikheid van Streuvels se literêre kuns. As gevolg van sy geestelike samestelling en beperkte ervaringslewe kon Streuvels nie 'n ander soort kuns gelewer het nie — dit was die vergestaltung van die lewe soos hy dit persoonlik waargeneem en deurgrond het. En omdat hy 'n beperkte ervaringsgebied betree het, was sy kuns ook beperk — maar omdat dit eg en waar is, bevat dit brokstukke wat groot genoem kan word.

In *De Weg van een Man* skets die skrywer Streuvels se jeug en sy worsteling om sy dors na kennis te bevredig. As gevolg van teruggetrokkenheid en 'n gevoel

van minderwaardigheid kon hy nie veel baat in openbare skole vind nie en moes hy deur selfstudie die nodige kennis versamel. Gedurende hierdie periode verskyn dan ook sy eerste wankele pogings in die skryfkuns.

*Inwyding en Overzicht* gee die ontwikkeling van die doelbewuste kunstenaar, „De aandrift tot die kunst is Streuvels blykbaar ingeboren.” Sy kortverhale en romans word 'n „drang om zich te laten gelden” en daarmee ontdek hy ook sy styl wat so 'n persoonlike aksent dra. Dit loop dan uit in *De eerste scheppingsroes: Lenteleven, Zomerland, Zonnety* (waarin die pragtige novelle *Oogst* opgeneem is). Die eerste periode van sy letterkundige werksaamheid sluit Streuvels af met bundels soos *Minnehandel, Dorpsgeheimen* en *Stille Avonden*. „Naar het klassieke evenwicht” beweeg hy vanaf 1906 met *Het Uitzicht der Dingen, De Vlaschaard, Dorpslucht* ens. Dit duur tot ongeveer 1920. Hier het ons „Het onstuimige uitschrijven van zichzelf, met de roekeloosheid van iemand die meent dat hij nooit aan het einde van zijn stof zal komen . . .” Daarna volg *Ontwijking en Aanpassing*. En hier sê Demedts: „Nog klaarder dan in zijn tweede periode, spreekt de denkende Streuvels zich uit over het leven dat hij beschrijft . . .” Sy toonaard het verander — die intellektueel en moralis is aan die woord . . . Ons sien dit in *Prutske, Werkmensen, De Teleurgang van den Waterhoek*, e.a.

Dis 'n boeiende en insiggewende boek — waardevol as studie-

bron omdat dit die werk van die behandelde skrywer so eenvoudig en tog so deurtastend aan die leser voorhou.

S. C. HATTINGH

DIE TAAL AS TOLK. 'n Stilistiese analise van Elisabeth Eybers se *Maria*, deur C. J. M. Nienaber (Natale Universiteitspers, Pietermaritzburg, Durban 1956, p.p. 85).

Hierdie is die derde gepubliseerde proefskrif in Afrikaans waarin, volgens die sg. stilistiek op linguïstiese grondslag wat onder inisiatief van prof. Hellinga van die Universiteit van Amsterdam opgang gemaak het, 'n enkele gedig deurtastend ondersoek word.

Tereg word afgesien van 'n volledige prinsipiële verantwoording van die metode, aangesien die skrywer die stelling van Hellinga en Scholtz (*Kreatiewe Analise van Taalgebruik*) onderskryf. Belangrik is dit om te ont hou dat die aanhangers van hierdie dissipline beweer: dat die metode *taalkundig* is, en dat dit slegs 'n deskriptiewe en geen ewaluatiewe metode is nie.

Ons wil die studie krities benader vanuit twee hoeke: eerstens wil ons die geldigheid van die metode self bespreek (prinsipiël) en tweedens wil ons sien wat ons as letterkundiges uit so 'n analise kan put, wat dus die praktiese resultate van die ondersoek vir die literatuurwetenskap is.

Die stilistiek ondersoek wat taalvorme doen in 'n bepaalde situasie en in hulle betrokke-wees op daardie situasie, aldus die definisie. Dit probeer dus sover moontlik aantoon wat daar staan, die teks begryp. Dit stel vas wat woord geword het, die „res” — indien daar dan nog 'n „res”

moontlik is — kan nie taalkundig benader word nie. Met hierdie doelstelling kan almal saamstem, te dikwels gaan uitinge deur vir „kritiek” wat maar al te duidelik 'n gebrek aan die elementêre „verstaan” openbaar. Mens vra jou slegs af: is dit nie wat enige goeie letterkundige kritiek ook probeer nie? Brooks en Warren se *Understanding Poetry* gee bv. uitstekende „close readings” van gedigte sonder om gebruik te maak van die apparaat van die moderne strukturele taalwetenskap (in Afrikaans ook die studie van Cloete). Maar goed, suiwer teoreties staan dit vas: die taalkunswerk bestaan alleen binne 'n bepaalde taalskat en -sisteen, dit is wat hom onderskei van alle kunswerke wat nie uitsluitend gebruik maak van die taalbousels nie. Die gedig *kan* dus bloot linguïsties benader word — maar hierdie metode erken dan nie die verskil tussen die *taalkunswerk* en enige ander taalgebruiksgeval nie. Teoreties gee die stilistici dit ook toe, maar gou blyk dat hulle eienskappe van die kunswerk as *kunswerk* in ag neem. Kan dit ooit aanneemlik gestel word dat die vers (reël) 'n linguïstiese funksie het, fungeer die woord of die sin anders wanneer dit onderverdeel word in korresponderende eenhede? Speel die klankbindinge 'n linguïstiese spel? Die taalgebruiker (dus ook die digter en die leser) neem nie klanke waar nie, maar eenhede, woorde en sinne; die stilistik as taalbeskouer en -ontleder kan wel die funksie van die klankverbindinge vasstel, maar linguïsties kan dit nie skeel of daar vyf of vyftig medeklinkers in een gedig voorkom nie — wel vir die artikulasie. En kan dit die werking van die taal as taal veran-

der wanneer daar groter korresponderende eenhede, strofes, voorkom? Die vers en die strofe is geen taalbousels nie. Dieselfde kan geargumenteer word wat betref die metries-ritmiese ordening van die woorde. Dit alles wil nie sê dat ek Nienaber se eerste vier hoofstukke verwerp nie. Intendeel: die aantoon van die strofe, die vers en die metries-ritmiese geleding as bindmiddelle van die gedig is van die grootste belang en ek stem saam met die skrywer se bevindinge, maar ek kan maar nie glo dat 'n dergelike wyse van binding linguïsties genoeg kan word nie.

Veel sterker staan die skrywer waar hy die grammaties-sintaktiese verskynsels ontleed. Die letterkundige kan hier veel leer aangaande die subtiele „inhouds”-verskille (ek probeer hier die term „betekenis” vermy wat slegs op die woord van toepassing is) wat ontstaan uit die verandering van die woordorde bv. of die afwykings van die „normale” sinskonstruksie. Hierdie en die daaropvolgende twee hoofstukke is m.i. die beste in die studie. Die letterkundige kritiek het reeds die aanspreekvorme aangedui as besondere kenmerk van dié gedig, maar hier word die taalkundige instrumentarium ingespan om presies aan te toon wat elkeen van daardie vorme in die konteks doen. Ook die hoofstuk oor die saaklike integrasie is besonder noukeurig en helder geargumenteer. Duidelik word aangetoon hoe die taalgebruik ook verantwoordelik is vir die skeping van 'n intieme sfeer, vir die vermensliking van die Bybelfigure. Hier wil ek terloops wys op wat m.i. aanvulling verdien. Tereg wys die skrywer daarop dat die sesde strofe die hoogte-

punt verteenwoordig in die kontrastespel asook wat betref die intieme verhouding moeder-seun. Hy kon verder daarop gewys het dat die uitroep „Ek het dors!” ook kom juis op dié tydstip in die lewe van Christus wanneer hy volkome mens geword het (deur sy „Vader” verlaat). En juis dan is dit ook nie in sy moeder se vermoë om sy dors te les nie (gekontrasteer met die vroeëre volkome adekwaatheid van die „volle bors”). Die betekenisonderskeidings van „dors” verdien ook meer aandag.

Raak is ook die aanduiding van die mate waarop die gedig steun op sakekennis (die Bybelse gewens), hoewel dit — met meer omslagtigheid — ook geargumenteer kan word dat die eiename binne dieselfde konteks die nodige objektiewe situasionele ko-leksikale momente verskaf, dat ons m.a.w. binne die Afrikaanse taalskat- en sisteem daardie kennis kan aanneem as linguïsties gegee. Of die ironiese kleur en die „emotional detachment” (origens heeltemal juis gesien) taalkundig verantwoord kan word, is 'n moeiliker vraag.

Dit bring ons tot die lastige vraag van die aan- of afwesigheid van 'n waarde-oordeel. Die skrywer besluit dat „elke onderdeel daarin onweglaatbaar, onvervangbaar en onverskuifbaar op mekaar afgestem, die geheel volkome selfgenoegsaam binne die klimaat van ons beskawing” is. M.i. het die skrywer vooraf as hipotese gestel dat hy wel met 'n gedig te make het en is hierdie aanhaling sy wyse van sê: hierdie taalgebruiksgeval is 'n gedig, want elke waarneming het die selfgenoegsaamheid, die integrasie van alle bestanddele bevestig. Dit is geen beswaar nie. Ek meen

egter dat sy definisie van 'n gedig — alhoewel die juiste terminologie en teoretiese fundering nog op hom laat wag — aanvaarbaar is vir die letterkundige. Maar ook dat daardeur 'n waarde-oordeel inbegrepe is. As hy bv. gevind het dat sê een van die aanspreekvorme nie so haarfyn „gepas” het binne die patroon van die geheel nie, sou hy dan gesê het dat hier geen gedig is nie? Eerder tog dat dit 'n onvolmaakte gedig is! As alles of byna alles „sluit,” dan het ons tog 'n goeie gedig? 'n Waardelose gedig is myns insiens 'n contradictio in terminis, want die waarde van die letterkundige werk is sy graad van suiwerheid (in die eerste instansie) en as hy letterkundig waardeloos is, is hy geen letterkunde meer nie. Om te sê die „aestetisch oordeel is altijd een *bekentenis* van het oordelend Subject over zijn verhouding tot het beoordeeld Object” en dit dan as die estetiese waardebepaling te reken, is darem te naïef.

Die primêre (hoewel nie die enigste) taal van die letterkundige kritiek is om aan te toon *dat* letterkundige integrasie plaasgevind het, *hoe* en in *hoeverre* dit plaasgevind het. Hiervan is die onderhawige werk 'n baie mooi voorbeeld en daarom wil ek nie toestem om dit „stilistiek op linguïstiese grondslag” te noem nie.

E. LINDENBERG

21 — Jan Sebastian Rabie. (A.

A. Balkema, Kaapstad/Amsterdam).

Hierdie skrywer het reeds, voordat hy na die buiteland gegaan het vir 'n jarelange verblyf op die vasteland van Europa en veral in Parys, letterkundige werk gelewer, maar hierdie bundel sketse is in iedere opsig verrassend en

nuut. Dit is van 'n uitstekende inleiding deur Uys Krige voorsien, waarin hy 'n suiwer ontleding van en beskouing oor die sketse wat in die bundel opgeneem is, gee. En as 'n mens die sketse self deurlees, besef jy dat Uys Krige reg het waar hy verklaar dat dit eintlik meer in die vorm van die Franse *Poème en prose* soos dit deur verskeie moderne Franse digters beoefen is, beklee is. Uys Krige beskryf die *poème en prose* soos volg:

„Byna altyd is dit 'n vinnige, vurige vertolking van 'n enkele stemming of siening, of van 'n enkele gevoel of gewaarwording; en as dié siening, gevoel of gewaarwording meervoudig word, het dit tog 'n sekere beperktheid of ingeslotenheid en 'n liriese inslag wat meer aan die gedig laat dink as die skets of verhaal.”

Om bogenoemde rede is dit moeilik om al die stukke in hierdie bundel in een kategorie te wil plaas. Dit is nie suiwer impressionistiese sketse nie, en daar is ook nie een wat as 'n voldrae kortverhaal beskou kan word nie. Dit is meer soos 'n sterk kristallisering van 'n idee wat dikwels sonder enige bekleding in 'n ekspressionistiese vorm weergegee word. In hierdie opsig is dit iets nuuts in Afrikaans. In die geval van baie van die sketse laat die werk trouens 'n eksperimentele indruk. Die gehalte is ook nie deurgaans dieselfde nie. In 'n paar gevalle grens die sketse na my mening aan die surrealistiese soos in die geval van *Drie Kaalkoppe eet tesame*. Die uitbeelding van die vratige is in hierdie geval afskuwekkend en wek die indruk van 'n aaklige nagmerrie.

In die beste sketse is daar telkens 'n deurlopende idee wat in die verskillende uitbeeldinge ver-

vat is: Die verantwoordelikheid van die lede van die mensdom teenoor mekaar. Veral *Die Man met die Swaar Been, Droogte*, e.a. vertolk hierdie idee. In die genoemde sketse het Rabie werklik 'n hoogtepunt bereik, veral sover dit die suiwer, kernagtige styl en die beeldingsvermoë betref. Soos daar uit die verduideliking van die begrip *poème en prose* deur Uys Krige gesien kan word, is dit veral die beeld, en die evokatiewe krag van die woord wat die kunstenaar ten volle sal moet gebruik. In hierdie opsig is daar natuurlik sterk ooreenkoms met die poësie. In bogenoemde twee sketse veral, maar in ander ook soos byvoorbeeld *Gondel-deuntjie* en *Skelle modder* word daar van die suggestiewe mag van die beeld gebruik gemaak om dinge wat soms anderkant die begrip lê, aan te roer. In besonder in die skets *Droogte* bemerk ons 'n geladenheid in iedere sin wat die onheilspellende inhou, en ook die uiters tragiese. Waar die witman en die swartman aan 'n huis bou om van die droogte weg te kom (ook in dié woord lê daar diep betekenis) is daar grepies wat die verhouding tussen die rasse suggereer, en dan kom daar 'n greep soos die volgende: Die witman sê: „Jou voorouers is dood. Dis tyd dat jy hulle vergeet.”

Swyend kyk die swartman hom aan met oë wat antwoord: „Jou voorouers is ook dood. Ons is alleen hier.”

Daar is talryke verdere voorbeelde in hierdie skets, soos ook in die ander wat die trefkrag van Rabie se kuns toon. Veral opvallend is die eenvoud wat die strewe van die groot kunstenaar is. Hy het die kuns bemeester om nie te veel te sê, en daardeur hierdie

besonder moeilike en aantreklike kunsvorm geweld aan te doen nie.

Vir lesers van die *Tydskrif vir Letterkunde* is Rabie se werk nie onbekend nie, want 'n paar van hierdie mooi sketse het reeds in uitgawes van die *Tydskrif* verskyn. Trouens, toe dit geplaas is, en die lesers vir die eerste keer met dié belowende werk kennis gemaak het, het die verwagting reeds ontstaan dat daar werk van 'n hoë gehalte aan die kom is. Dit strek die *Tydskrif* tot eer dat dit hierdie jong skrywer wat soveel ingebore talent aan die dag lê, die geleentheid gebied het om sy nuwe werk, wat van 'n hoogstaande peil is, te publiseer.

M. SOLZ

DAGHREGISTER GEHOUDEN  
BY DEN COOPMAN JAN  
ANTHONISZ VAN RIE-  
BEECK. Deel II 1656-1658.  
Teksversorging deur Dr. D. B.  
Bosman. Geskiedkundige aan-  
tekeninge deur Dr. H. B. Thom.  
Uitgawe van die Van Riebeeck-  
vereniging. A. A. Balkema,  
Kaapstad 1955.

Ter geleentheid van die 300ste Van Riebeeck-dag het die Van Riebeeck-vereniging 'n goeie daad verrig deur 'n aanvang te maak met 'n deeglik versorgde herdruk van ons stigter se dagboek. Met die verskyning van Deel II wat die tydvak tot 1658 dek, bly nou nog net die laaste aantal jare van Van Riebeeck se lewe en werk aan die Kaap oor vir 'n volgende deel. Mens wil vertrou dat die taak spoedig afgerond sal wees.

A. J. COETZEE

DIE STERWENDE STAD, roman  
deur Anthonie P. Roux.  
Tafelberg-uitgewers, Kaapstad  
1956.

Die skrywer van 'n historiese ro-



man is baie lankal bevry van die noodsaak om 'n elletange relaas te gee van die uitwendige, politieke gebeurtenisse wat die hoekbakens gevorm het van die tydvak waarin sy verhaal afspeel. Maar met hierdie bevryding van die kunstenaar uit die omklemming van die geskiedenis, is daar nuwe, hoër eise aan hom gestel, waardeur die verskil tussen die historiese roman en die moderne sielkundige en maatskaplike roman heeltemal opgehef is. Wat lankal van die skrywer van die historiese roman verwag word, is dat hy die kultuur- en politieke geskiedenis van sy tydvak só van binne sal ken dat hy dit met verbeelding kan herskep op sodanige wyse dat die verhaal as vanself voortspruit uit die gees van die tyd. Tans word van die kunstenaar verwag dat hy egte mense sal beskryf binne die raamwerk van 'n historiese vervloë tydvak — nie egte „moderne” mense nie, maar mense wat kinders van hulle tyd is, mense waarvan die dade en die gedagte-wêreld beheer word deur die godsdienstige, maatskaplike, ekonomiese en staatkundige opvattinge van hulle eie tyd.

Anthonie P. Roux het blykbaar vir hom op hoë vlak rekenskap gegee van wat van hom verwag sal word as hy die taak aanpak om die stad-staat Kartage in sy glorie en in sy ondergang vir ons te teken. Vir ses jaar het hy hom gewy aan „navorsing” i.v.m. die lewe in Noord-Afrika in die tyd toe Hannibal deur Spanje en oor die Alpe Italië binnegeval en Rome met ondergang bedreig het. Roux sien Kartage se ondergang as die gevolg van korrupsie in die staatsbestuur en jaloesie tussen die heersende geslagte. Om sy

siening mee te deel, maak hy gebruik van 'n hele weefsel van intrige, omkoperij, slagvelde en oorloë, en om daar verhoogde prikkeling aan te verleen, bind hy die verskillende drade aan mekaar deur middel van 'n liefdesverhaal.

Die resultaat is 'n goed leesbare roman met min opsetlike geskiedenis, heelwat intrige en 'n ruim mate van spanning in.

Waarin die skrywer egter te kort skiet, is dat hy nie die tydvak laat herleef nie. Die mense is nog maar mense van ons tyd wat in hulle drag en eetgewoontes nie eintlik van ons eie tyd verskil nie. So weet ons byvoorbeeld van hulle etes net dat hulle vleis en ander kos, waaronder dadels, eet, maar hoe — sittende, staande of liggende — dit weet ons nie. Die gevolg van hierdie gebrek aan herskeppende verbeelding is dat ons Noord-Afrika deur 'n newel sien as 'n sanderrige halfwoestyn soos tans. Net soos *Raka* en *Green Dolphin Country* afspeel in vae denkbeeldige boekwêreldes omdat die betrokke skrywers nooit met eie oë die gebiede aanskou het waaroor hulle skryf nie, net so is Kartage, die sterwende stad, nie veel meer as 'n historiese gegewe op die kim van ons begripwêreld nie.

Daarmee is alles egter nie verlore nie. Die skrywer kan spannend vertel en die behendige hantering van die lotgevalle van die hoofpersone hou mens se belangstelling gaande tot aan die einde van die gebeurtenisse. Met meer ervaring en lewensrypheid en met 'n meer verfynde aanvoeling van die gees van 'n tydvak, behoort hierdie jong skrywer nog iets te bereik.

ABEL COETZEE

MASKERS VAN DIE ERNS, deur N. P. van Wyk Louw. (Afrikaanse Pers-boekhandel, Johannesburg, 1956).

Daar is weinig onverantwoorde teorieë in dié boek. Die skrywer is 'n vyand van die „slordige uitdrukking van ons alledaagse dink.” Hy skryf onderhoudend, soms skerp, oor 'n suiwerder aanwending van begrippe soos „oorspronklikheid,” „self-made” manne, Van Riebeeckdag as feesdag e.a. In die wysgerige stukke toon die skrywer hom 'n dinamiese denker wat helderheid en waarheid soek (kyk bl. 43). Ander stukke is vir die „gewone leser” bedoel (kyk bl. 33), en handel oor uiteenlopende onderwerpe. 'n Paar stukke oor die letterkunde is besonder gedagteprikkelend, waaronder een van die beste m.i. „'n Myn-gedig in die Bybel” is. Die mensbeelde, w.o. „Oujaarsaad” (bl. 52), is „geselliger” leesstof, maar oor die algemeen gee hierdie prosabundel die leser 'n oorwegend intellektuele wêreldbeeld.

C. W. HUDSON

DIE LAND VAN DIE KOKERBOOM, deur Fides Loubser. (Afrikaanse Pers-boekhandel, Johannesburg, 1956).

Dit is 'n boek oor die topografie en die mense van die Noordweste, en is in die vorm van briewe van die skryfster in Kakamas, aan haar ouers in die Boland geskryf. Die eerste gedeelte is in 'n goeddelike geselstrant vertel, en die stof word dan ook op 'n taamlik oppervlakkige wyse aangebied. Meer onderhoudend is die

briewe oor die Gemsbok-wildreservaat, die leefwyse van die mense in die gebied, die prestasies van enkele pioniers, en, besonder belangwekkend, die natuurskoon van die versteke landstreek met sy besondere aantrekkingskrag.

C. W. HUDSON

MOOI LOOP, deur G. H. Franz (Red.) (Afrikaanse Pers-boekhandel, Johannesburg, 1956).

G. H. Franz het 'n inleiding geskryf tot hierdie bloemlesing uit bekende geskrifte in Afrikaans met die naturellewe as tema. Sommige stukke is volledige verhale, soos bv. Toon van den Heever se deurleefde staaltjie oor Outa Sem, ander weer is uittreksels uit lang verhale, waaronder F. A. Venter se romantiese, gevoelige beskrywing van Kolisile, P. J. Schoeman se vlot vertelling van 'n krokodiljag, Van Bruggen se hartseerskets van 'n ou naturel se heengaan, en 'n aangrypende stuk uit *Jeug* deur C. M. van den Heever oor Outa Frans se ongeluk en dood. Die boek gee 'n klein deursneebeeld van prosa oor die Bantoe, en as sodanig is dit klaarblyklik gepubliseer om as voorgeskrewe boek in die skool te dien.

'n Mens wonder wanneer ons Afrikaanse uitgewers meer aandag aan goeie proeflees gaan skenk — ontsierings soos *vret* i.p.v. *vreet* op bl. 11, *geen* i.p.v. *gaan* op bl. 16, *net nou* i.p.v. *netnou* op bl. 19, *Ja* i.p.v. *Jy* op bl. 37, en talle ander doen afbreuk aan 'n goeie indruk.

C. W. HUDSON

A P. B.



## *Versekering vir almal*

Daar is 'n Sanlam-polis vir u persoonlike vereistes. Raadpleeg u Sanlam-verteenwoordiger of die naaste takkantoor—hulle is spesiaal opgelei om u te help.

**SANLAM**

**DIE GROOT AFRIKAANSE  
LEWENSVERSEKERINGSMAATSKAPPY**



*Maak U keuse:- VAN RIJN  
kurk in wynrooi ongekurk  
in olyfgroen en filter in  
roomkleurige verpakking.*

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hulle strewe na die beste leef voort in die vervaardiging van Rembrandt VAN RIJN sigarette.

Dit is gemaak vir diegene wat liever rook vir genot as bloot uit gewoonte . . . en vir wie prys sekondêr is.

Welke ander sigaret u ookal mag rook, weet ons dat u meer genot uit VAN RIJN sal kry. Koop gerus vandag 'n pakkie VAN RIJN.

# Rembrandt VAN RIJN

IN DOSIES: KURK, ONGEKURK EN FILTER DE LUXE — 1/9 VIR 20, 3/11 VIR 50.  
Kopiereg VRFA 374